

‘n Gids oor die Wet op Kommunale Grondhervorming


Wet No. 5 van 2002

Afrikaans



LAC

**Land, Environment and Development Project
Legal Assistance Centre**



**Windhoek
May 2006**

‘n Gids oor die Wet op Kommunale Grondhervorming

Wet Nr. 5 van 2002

Land, Environment and Development Project
Legal Assistance Centre

Windhoek
May 2006

'n Gids oor die Wet op Kommunale Grondhervorming Wet Nr. 5 van 2002

Buiteblad foto: Meme Hilma Jonas in haar mahangu veld naby Ondangwa

Publiseerders: Legal Assistance Centre
Posbus 604
Windhoek
Namibië
Tel: 061-223356
Faks: 061-234953
Epos: info@lac.org.na

Geskryf Deur:	Johann Malan	
Redakteur:	Caroline Cohrsen	cohressen@mweb.com.na
Vertaling:	Willem Odendaal	wodendaal@lac.org.na
Ontwerp en Uitleg:	Solitaire Press	

© Legal Assistance Centre

Hierdie dokument mag vrylik bespreek, aangehaal, gereproduseer of vertaal word, hetsy gedeeltelik of in geheel, op voorwaarde dat die bron volledig erken word.

Eerste uitgawe, eerste druk 2006

ISBN: 99916-765-8-9

INHOUD

Erkennings	v
Woordelys	vii
Agtergrond	xi
Inleiding	xv
Eienaarskap van kommunale gronde	xvi
Wat is kommunale gronde?	xvi
Wie besit kommunale gronde?	xvii
Die verskil tussen ‘n wet en ‘n voorgestelde wet	xviii
 HOOFSTUK I: VOORAFGAANDE	 1
Seksie 1: Definisies	1
 HOOFSTUK II: KOMMUNALE GRONDRADE	 2
Seksie 2: Ontstaan van Kommunale Grondrade	2
Seksie 3: Funksies van Kommunale Grondrade	2
Seksie 4: Samstelling van rade	3
Seksie 7: Vergadering van rade	4
Seksie 8: Komitees	5
Seksie 9: Openbaarmaking van belange	5
Seksie 10: Betaling van Kommunale Grondrade	6
Seksie 11: Finansiering van rade	6
Seksie 12: Uitvoering van administratiewe take	6
Seksie 13: Jaarlikse verslae	6
Seksie 14: Beperking van bates	6
 HOOFSTUK III: KOMMUNALE GROND GEBIEDE	 7
Seksie 15: Uitbreiding van kommunale gronde	7
Seksie 16: Ontstaan van nuwe kommunale grond gebiede, vergrotings of verkleinings	7
Seksie 18: Verhoeding van afkappings	9
 HOOFSTUK IV: TOESTAAN VAN REGTE TEN OPSIGTE VAN KOMMUNALE GROND	 9
Seksie 19: Regte wat toegestaan kan word	9
 Deel 1- Gewoonteregte op grond en weidingsregte	
Seksie 20: Premêre mandaat om gewoonteregte op grond te kanselleer of toe te staan	9
Seksie 21: Watter mandaat het die Hoofman/vrou of tradisionele owerheid waneer ‘n aansoek oorweeg word	10
Seksie 22: Hoe doen ‘n mense aansoek vir gewoonteregte op grond	11
Seksie 23: Beperking van die grootte van gewoonteregte op grond	11
Seksie 24: Bevestiging van toestaan van gewoonteregte op grond	12
Seksie 25: Registrasie van gewoonteregte op grond	13
Seksie 26: Duur van gewoonteregte op grond	13
Seksie 27: Kansellasië van gewone grondregte	15
Seksie 28: Erkenning van bestaande gewoonteregte op grond	16
Seksie 29: Weidings regte	20

Deel 2 – reg tot huur

Seksie 30:	Mandaat om huur toe te staan	22
Seksie 31:	Aansoek om reg tot huur	23
Seksie 32:	Voorwaardes van reg tot huur	24
Seksie 33:	Registrasie van regte tot huur	26
Seksie 34:	Duur van reg tot huur	26
Seksie 35:	Bestaande regte om kommunale gronde te okkupeer	27
HOOFSTUK V:	ALGEMENE PROVISIES	31
Seksie 37:	Voorafgaande ondersoek van 'n eis vir bestaande regte	31
Seksie 38:	Oorplasing van regte	34
Seksie 39:	Appél	34
Seksie 40:	Vergoeding vir verbeteringe	34
Seksie 41:	Afmeting van kommunale gronde	35
Seksie 42:	Geen vergoeding vir die betalling van gewoonteregte op grond	36
Seksie 43:	Onwettige okkupering van kommunale gronde	36
Seksie 44:	Afkampings	36
Seksie 45:	Regulasies	37
Seksie 46:	Opheffing van wette	37
Seksie 47:	Kort titel en inwerkingtreding	38
AANHEGSELS		39
Aanhegsel 1:	Aansoek prosedures vir 'n gewoonte grond reg	41
Aanhegsel 2:	Aansoek prosedures vir erkenning en registrasie van bestaande gewoonteregte op grond	42
Aanhegsel 3:	Aansoek prosedures vir reg op huur	43
Aanhegsel 4:	Aansoek prosedures vir erkening van bestaande regte om kommunale gronde te okkupeer en vir die toestaan van huur regte	44
Kontak name en adresse		45
Wet op Kommunale Grondhervorming, nr. 5 van 2002		
Regulasies gemaak in terme van die Wet op Kommunale Grondhervorming.		

VOORWOORD

Sedert onafhanklikwording in 1990 was die allokering en administrasie van grond in kommunale gebiede in Namibië belemmer deur ‘n tekort aan duidelike wetgewing. Een van die prioriteite van die nuwe regering was om Namibiërs van toegang tot grond te verseker.

Namibië het soos verskeie ander ontwikkelende lande ‘n herverdelingsprogram aanvaar wat gemik is op regverdige verdeling van alle grond. Dit is duidelik dat toegang tot land op sigself nie genoeg is nie, maar dat dit gerugsteun moet word deur ander faktore om te verseker dat die grond produktief gebruik kan word.

Die eerste poging om aan ‘n wet op kommunale grondhervorming te werk, het in 1995 begin. Baie werksinkels, seminare en vergaderings was gehou en kommentaar rondom hierdie tema was in ‘n dokument saamgevat. Daarna was ‘n reeks gesprekke rondom hierdie dokument in die Nasionale Raad en die Nasionale Vergadering gehou wat aanleiding gegee het tot die inwerkingtreding van die Wet op Kommunale Grondhervorming op 1 Maart 2003.

Die Wet op Kommunale Grondhervorming het te doen met die regulering van toegang tot landelike gebiede in kommunale gebiede. Dit reguleer die allokasie van regte tot grond en die totstand bringing van Kommunale Grondrade in alle kommunale gebiede van die land. Die Wet omskryf die pligte van die Tradisionele Leiers, Tradisionele Owerhede en Rade met betrekking tot die allokering van regte op grond in kommunale gebiede.

In die Wet is twee wye kategorieë op die allokasie van regte op grond uiteengesit: gewoonte (tradisionele) regte op grond en regte op verhuring van grond. Die regte wat in die eerste kategorie geklassifiseer word, is dié op verblyf eenhede en eenhede wat vir boerdery gebruik kan word. Tradisionele leiers en owerhede allokeer gewoonteregte op grond, met rade wat die allokasies bevestig voordat dit wettiglik effektief word. Die tweede kategorie op die allokasie van regte op grond wat ook regte op verhuring vir landbou doeleindes beteken berus by die Kommunale Grondrade van die aangewese streke.

Die suksesvolle implementering van die Wet op Kommunale Grondhervorming sal die ontwikkeling in die kommunale gebiede bevorder terwyl dit op langtermyn versekering van voedsel vir ons landelike gemeenskappe en die land sal verseker.

Daarom is dit nodig dat die Wet in verskillende tale vertaal moet word om sodoende te verseker dat ons mense dit verstaan. Ons spreek ons dank uit teenoor die organisasies wat hulle tyd en vermoë belê het hieraan en ons bied ons ondersteuning vir die waardevolle poging aan.

BEDANKINGS

Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur Horizont3000, HIVOS, EED, die Namibia Nature Foundation, asook organisasies wat die Land, Environment and Development (LEAD) Projek van die Legal Assistance Centre ondersteun. Die Ford Foundation wat die Namibië Nasionale Plaaswerkersunie ondersteun, het ook 'n groot bydrae tot hierdie poging gelewer. Ons bedank al die donateurs vir hul ondersteuning waarsonder hierdie publikasie nie moontlik sou wees nie.

Ons bedank Johann Malan vir die skryf van hierdie gids. Ons bedank ook vir Caroline Cahrssen van Caroline Cahrssen & Associates wat die uiteenlegging van hierdie gids gedoen het. Deelnemers aan werksinkels wat gedurende 2002 en 2003 regoor die land gehou was, het die gepastheid van die gids getoets. Die deelnemers was onder andere, kommunale boere, verteenwoordigers van tradisionele owerhede, kommunale bewaringsgebiede, regeringsamptenare en werkers van nie-regeringsorganisasies. Hulle het geweldig bygedra deur praktiese voorstelle en kritiese kommentaar oor die inhoud van die gids te gee.

Norman Tjombe, Clement Daniels, Dianne Hubbard en Gerson Narib van die Legal Assistance Centre en Oloff Munjanu van die Namibian National Farmers Union het kommentaar gelewer op die eerste voorleggings. Ons waardeer ook die volgehoue bydrae van Richard Diggle, Lucky Kasaona en John Kasaona van die Integrated Rural Development & Nature Conservation rondom die provisies van die Wet op Kommunale Grondhervorming. Hierdie publikasie is vertaal van Engels na Afrikaans deur Joyce Karigus. Willem Odendaal van die Legal Assistance Centre het die redigering van die vertaling gedoen.

Legal Assistance Centre

WOORDELYS

Toeken	Gee of toevertrou
Toekenning van grond	Gee iemand die reg om op ‘n spesifieke grondstuk te bly of te boer
Arbitrasie	Los ‘n meningsverkil op tussen mense deur ‘n derde persoon in te roep wat as arbiter (beslisser) optree en na al die betrokkenes luister en daarna ‘n besluit nee moor die saak neem. Die besluit van die arbiter is bindend.
Kommersiële grond	Grond wat deur individue gekoop of verkoop kan word. ‘n Voorbeeld hiervan is ‘n kommersiële plaas.
Weidingsgebied	Die gemeenskaplike weidingsgebied vir die diere van die lede van ‘n tradisionele gemeenskap.
Kommunale grond	Grond wat aan die Staat behoort. Individue kan nie kommunale grond besit nie maar kan gewoonteregte op grond of hurregte van sekere bebiede van die grond het.
Botsing van belange	Wanneer iemand verskillende belange het wat met mekaar bots, veral wanneer hy/sy in ‘n private sowel as offisiële kapasiteit moet optree. Byvoorbeeld ‘n lid van ‘n kommunale grondraad se belange sal bots wanneer hy/sy in haar kapasiteit as ‘n lid van die raad ‘n besluit moet neem oor aangeleenthede betreffende omheining terwyl sy (in haar private kapasiteit) haar grondstuk wat sy deur gewoonte grond reg ontvang het omhein het.
Akteskantoor	Dit is waar die akte dokumente van die kommersiële gronde gehou word. By die akteskantoor word uitgevind wie die eienaar van die betrokke grondstuk is en of dit landbougrond is, of ‘n erf op ‘n dorp of stad is.
Ontrekking van ‘n eis	Wanneer ‘n persoon ‘n eis onttrek het, beteken dit dat daardie persoon die grond terug gegee het of van die eis onttrek het.
Erf	Die grondstuk in ‘n dorp of stad waarop ‘n huis gebou kan word.
Onteiening	Wanneer die eiendomreg van ‘n persoon weggeneem word en daarna gevestig word in die Staat. Die eienaar word vergoed vir die onteiening. Die vorm van eienaarskap waaronder die plaaseienaar kommersiële grond kry.
Eiendomsreg	Die manier hoe ‘n boer eienaarskap oor ‘n kommersiële grondstuk het. Dit beteken dat die eienaar die eiendom kan verkoop of dit vir sy/haar eie gewin gebruik.
Goeder trou	‘n Persoon tree op in goeder trou wanneer hy/ sy ten opsigte van die wet eerlik optree. Byvoorbeeld ‘n magistraat tree in goeder trou op wanneer hy/sy met aandag na al die feite van ‘n spesifieke aangeleentheid luister en daarna ‘n besluit neem wat op die feite en wet gebaseer is.
Bevoordeelde	Die persoon wat die reg gegee is om iets te besit of te gebruik. Byvoorbeeld, die persoon wat die reg gegee is om ‘n sekere grondstuk op ‘n kommunale grondstuk te bewoon, word die bevoordeelde genoem.

Billike vergoeding	Die betaling wat gegee word wanneer eiendom van regte deur die Staat toe geëien word. Hierdie vergoeding moet die markwaarde van die goedere wat geëien word, reflekteer. Byvoorbeeld as die regering 'n kommersiële grondstuk by 'n kommunale grondstuk byvoeg, moet aan die eienaar van die kommersiële plaas 'n billike bedrag vir die grondstuk wat weggevat is, betaal word.
Huur	'n Kontrak waar een persoon (die huurder) die ander persoon (die verhuurder) toelaat om iets vir 'n spesifieke tydperk te gebruik. In ruil daarvoor moet die huurder vir die gebruik van die ding waarvoor dit gehuur is, betaal.
Huurbesit	Die vorm van grondbesit waaronder gehuurde grond gehou word. Byvoorbeeld die kommunale grond reg staan 'n reg toe vir huur aan 'n persoon in terme van waar hy/sy die reg het om die grondstuk te gebruik.
Verband	Wanneer 'n persoon geld van die bank wil leen, word 'n verband oor sy/haar plaas of huis geregistreer. Dit dien as versekering aan die bank vir die geld wat geleen is. As die persoon nie die lening binne 'n sekere tydperk betaal nie, kan die bank die eiendom verkoop om die geld terug te kry. As die lening binne die spesifieke tydperk terug betaal is, het die bank geen reg om die grondstuk te verkoop nie.
Eienaar	Die persoon wat eiendom besit, soos vee, 'n kar of 'n huis
Voorondersoek	'n Voorondersoek om die feite van 'n aangeleentheid te bepaal voordat 'n definitiewe besluit geneem word. Byvoorbeeld as daar twyfel is oor die bestaande reg van 'n grondstuk wat geokkupeer is, kan 'n voorondersoek gehou word om die feite aan die kommunale grondraad voor te lê om besluite te neem, die eis te erken en die reg te registreer.
Reg om eerste van die hand te wys	Alle kommersiële plase wat verkoop moet word, moet eers aan die Ministerie van Grond en Hervestiging aangebied word wat dan moet besluit of die grond aangewend kan word vir herverdeling. As die minister nie die grondstuk wil hê nie, moet 'n sertifikaat van afstanddoening uitgereik word wat die kommersiële boer toelaat om die grondstuk aan iemand anders te verkoop.
Sekuriteit	In die geval 'n lening, word met versekering bedoel dat iets soos 'n huis as sekuriteit gegee word om die lening te betaal. As die lening nie betaal word nie, kan die huis verkoop word om die geld terug te kry.
Staatsgrond	Grond wat aan die Staat behoort. Die Grondwet maak hiervoor voorsiening.
Opmeting van 'n grondstuk	Om 'n sekere grondstuk af te meet om die grense, grootte en vorm van die area te bepaal. Komersiële grond moet afgemeet word voordat dit verkoop word.
Volhoubare gebruik	Volhoubare gebruik beteken dat die grond en die natuurlike hulpbronne in so 'n vorm gebruik word dat dit aan die behoeftes van die huidige grondgebruikers, asook die daaropenvolgende nageslagte, moet voorsien
Eiendomsreg	Die reg of titel wat 'n persoon oor eiendom soos grond het. Onder die Wet op Kommunale Grondhervorming kan kommunale grond onder 'n gewoonte grondbesit of huurbesit gehou word.

Tradisionele Owerheid	Die Hoofman/vrou of ‘n tradisionele gemeenskap, die senior tradisionele raadslede en die tradisionele raadslede kan as die Tradisionele Owerheid onder die Wet op Tradisionele Owerhede aangestel word. Die beskrywing van ‘n tradisionele gemeenskap in die wet is baie gekompliseerd, maar dit beteken basies dat lede van ‘n tradisionele gemeenskap dieselfde tradisies, gewoontes, taal en kultuur deel. Hulle erken ook dieselfde Tradisionele Owerheid en woon in dieselfde kommunale area. Selfs lede wat buite die gemeenskaplike kommunale area woon, kan in hierdie definisie van tradisionele gemeenskap ingesluit word.
Berus	Ons sê dat die reg om oor kommunale grond te besluit berus in die Staat. Dit beteken dat die Staat regte oor die kommunale grond het en hierdie grond tot die voordeel van die mense wat daar woon, moet administreer.
Gewillige koper – gewillige verkoper	Die beginsel waarvolgens die Staat kommersiële grond kan bekom. ‘n Verkoper moet gewillig wees om die grondstuk vir ‘n spesifieke bedrag te verkoop en die koper moet gewillig wees om die grondstuk teen daardie bedrag te koop.

AGTERGROND

Toegang tot grond is een van die belangrikste sosiale aangeleenthede in Namibië. Dorpsgrond is ‘n grondstuk binne of naby ‘n dorp of stad. Sommige mense het grond nodig om dit te benut vir landbou doeleindes. Hierdie mense het toegang tot die landelike gebiede nodig. Die Wet op Kommunale Grondhervorming reguleer die toegang tot landbougrond in kommunale gebiede.

In Namibië word grond as staatsgrond, kommunale grond of kommersiële grond geklassifiseer. Elkeen van hierdie kategorieë gee sekere regte en verantwoordelikhede aan die persoon wat reg tot die gebruik van die grond bekom. Beide landelike en dorpsgronde kan binne hierdie kategorieë val.

Staatsgrond is grond wat aan die Staat behoort. Volgens die Grondwet behoort alle grondstukke, water en natuurlike hulpbronne aan die Staat indien dit nie wettiglik aan iemand behoort nie. As eienaar van die grond kan die Staat besluit wat om daarmee te doen – om dit by te voeg by bestaande kommunale gebiede of om dit te verkoop sodat dit as kommersiële grond verklaar word. Die Staat kan besluit om mense toe te laat om op ‘n sekere grondstuk te woon of om dit te verhuur terwyl dit eiendom van die Staat bly.

“Grond, water en natuurlike hulpbronne onder en bo die oppervlak van die grond en in die kontinentale laag en binne die territoriale waters en die uitsonderlike ekonomiese sone behoort aan die Staat, indien dit nie wettiglik deur iemand anders geëien is nie.”

- Artikel 100 van die Namibiese Grondwet

Kommunale grond word deur die Staat volgens die Grondwet in bewaring (trust) gehou. Die Staat het die verantwoordelikheid om kommunale grond te administreer tot voordeel vir die tradisionele gemeenskap wat op hierdie grond woon en vir die doel van ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die Namibiese mense. Kommunale grond kan nie gekoop of verkoop word nie.

Kommersiële grond is die grond wat deur ‘n persoon gekoop kan word wat dan die eienaar van genoemde grond word. Onder die koloniale regering, was kommersiële grondverdeling volgens ‘n persoon se ras toegestaan en het gevolglik voortslepende griewe veroorsaak. Die Wet op Kommersiële Landbou Grondhervorming Nr. 6 van 1995 is inwerking gestel om hierdie tipe griewe te hanteer. In besonder gee hierdie Wet die Staat die reg om eerste opsie uit te oefen om kommersiële plaasgronde te koop van die persoon wat geïnteresseerd is om dit te verkoop. Die Staat kan besluit of dit ‘n spesifieke plaas wil koop voordat hierdie plaas aan enige ander koper aangebied word. Dit beteken dat die plaas onder vrywillige koper- vrywillige verkoper basis aangebied word. Die Wet laat die Staat toe om enige kommersiële grond vir herverdelingsdoeleindes te bekom.



Terwyl die reg van elkeen wat grond besit in Namibië beskerm word, laat die Namibiese Grondwet die Staat toe om grond te onteien volgens wetlike prosedures indien dit in die belang van die publiek is en indien die eienaar vergoed word vir die verbeteringe wat die hy/sy aangebring het.

In 1998 het kommunale boere ‘n optog na die Staatshuis gehad om vir toegang tot meer grond te eis.

Daarom kan die regering grond onteien as dit vir publieke doeleindes gebruik kan word. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die regering grond onteien om 'n pad te bou.

Artikel 16: Eiendom, Namibiese Grondwet

- 1. Alle mense het die reg om in enige deel van Namibië roerende en onroerende eiendom te bekom, te besit en te vervreem hetsy as individu of in assosiasie met andere en hulle eiendom aan hulle erfgename en legatarisse te bemaak: op voorwaarde dat dit deur die Parlement deur middel van wetgewing verhoed of reguleer kan word om beheer uit te oefen op eiendomsreg van nie-Namibiese burgers.*
- 2. Die Staat of 'n aangewese verteenwoordigende liggaam wat deur wetgewing die mandaat gegee is, kan grond vir publieke doeleindes onteien, onderworpe aan die betalling van billike vergoeding in lyn met die vereistes en prosedures wat deur die Parlement in die wet bepaal is.*

Die Wet op Kommersiële Landbou Grondhervorming beperk ook die bekoming van grond eienaarskap deur buitelanders, deurdat sodanige persone eers toestemming van die Ministerie van Grond en Hervestiging moet verkry.

Die stelsel waaronder die kommersiële grond gereguleer word is goed georganiseerd. Grond word behoorlik afgemete en transport-aktes word in die akteskantoor vir kommersiële grond in Windhoek gehou. 'n Afsonderlike transport-akte register vir die Rehoboth Gebied word in Rehoboth geadministreer. Wanneer 'n plaas of 'n erf verkoop word, word die transaksie in die akteskantoor geregistreer. Dit is 'n bewys van eienaarskap van die betrokke grondstuk. Huur van kommersiële grond vir tydperke van langer as tien jaar word ook in die akteskantoor registreer. Eienaars is vry gestel om hulle gronde te verkoop op voorwaarde wat in die akte uiteengesit is. Byvoorbeeld, as twee mense binne gemeenskap van goedere getroud is, sal die Wet op die Gelyke Behandeling van Getroude Persone en die Registrasie van Aktes Wet verhoed dat die kommersiële grond verkoop word deur een van die getroudes sonder die toestemming van die ander.

Kommersiële eienaarskap van grond kan as versekering gebruik word as 'n banklening aangegaan word. In sulke gevalle leen die bank die eenaar geld maar sal die verband vir die lening registreer. Dit beteken dat indien die eenaar nie die lening kan terugbetaal nie, kan die bank die eiendom verkoop om die uitstaande geld terug te kry.

Die geval van kommunale grond is duideliker. Die Nasionale Grondbeleid verklaar die volgende:

“Duidelike stappe moet gedoen word om onsekerheid ten opsigte van die wettige besit en regte tot (kommunale) grond en die manier hoe dit geadministreer word, uit die weg te ruim”

Hierdie onsekerhede het ontstaan deur die tekort aan doeltreffende beheer oor kommunale grond en die rol wat tradisionele owerhede speel (met wisselende graad van doeltreffendheid) ten opsigte van die toestaan en benutting van grond. In baie gebiede het invloedryke kommunale boere begin om groot gebiede te omhein sonder die toestemming van die gepaste owerhede. Die onwettige omheining van kommunale grond is voorbeelde van waar kommunale grond gebruik word sonder om die regte van die ander kommunale boere in ag te neem. Tradisionele owerhede het in die verlede min mag gehad om opdrag te gee vir die verwydering van hierdie omheinings.

Die allokering van 'n gewoontereg op grond verskil ten opsigte van 'n eiendomsreg wat oor kommersiële grond verkry word. Die allokering van 'n kommunale grondreg gee nie eienaarskap van die betrokke grondstuk aan die persoon wat die reg besit nie omdat die eiendom nie vir versekering aan die bank vir finansiële doeleindes gegee kan word nie. Verder gee kommersiële eiendomsreg die eenaar die reg om natuurlike hulpbronne op die grond (soos jag op wilde wild) te gebruik wat nie onder gewoontereg op grond die geval is nie. Weens hierdie rede sien baie Namibiërs die kommunale grondbesit stelsel as onvanpas.

Die Regering het in 1998 ‘n Nasionale Grondbeleid aanvaar om die grond aangeleentheid aan te spreek waarin ‘n eenvormige stelsel voorgestel was. Onder hierdie eenvormige stelsel het “alle landsgenote gelyke regte, geleenthede en versekering oor ‘n aantal eiendomsregte en bestuur stelsels”. Hierdie voorgestelde stelsel sal verseker dat kommunale eiendomsregte ewe veel erken en beskerm word deur wetgewing en dat kommunale grond volgens ‘n eenvormige sisteem geadministreer word. **Die Nasionale Grondbeleid verseker ook:**

- Gelykheid voor die wet ten opsigte van toegang tot grond
- Dat vroue dieselfde status as mans het ten opsigte van alle tipe grondregte, as individue en as lede van die familie. Dit beteken dat vroue ook geregtig is om grondeiendom te besit en dat hulle ook grond kan erf of bemaak. Weduwees het die reg om grond te behou wat hulle tesame met hulle gestorwe mans gehad het. Dit is van toepassing op tradisionele of burgerlike huwelike wat die regering onderneem het om te hervorm om te verseker dat vroue grond kan besit.
- Gelyke regte ten opsigte van toegang tot grond en versekering van eiendomsbesit.
- Die volhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne in die omgewing, insluitend die gebruik van grond.

Die Nasionale Grondbeleid erken die volgende vorme van plattelandse eiendomsbesit.

- Kommersiële eiendomsreg
- Sertifikate van toestemming om te okkupeer (in Engels bekend as Permission To Occupy (PTO)) word huidiglik deur die Ministrie van Streeks - en Plaaslike Regering en Behuising uitgereik, maar gaan geleidelik deur die Wet op Kommunale Grondhervorming uitgefasseer word en omgeskakel word in huurbesitreg.



Meme Hilma Jonas in haar mahangu veld in Ondangwa. Vroue sal meer versekerde toegang tot grond onder die Wet op Kommunale Grondhervorming bekom. Foto deur Norman Tjombe.

- Huurbesitregte. 'n Reg van huur oor kommunale grond word deur Kommunale Grondrade onder die Wet op Kommunale Grondhervorming toegestaan maar met die toestemming van die Tradisionele Owerheid.
- Gewoonteregte op grond. Terwyl die primêre mandaat om gewoonteregte op grond oor kommunale grond by die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid rus, word vereis dat die Kommunale Grondraad hierdie toekennings moet bevestig.
- Staatseienaarskap.

Die Wet op Kommunale Grondhervorming volg die riglyne wat in die Nasionale Grondbeleid gevind word. Die Wet omskryf die funksies van die Hoofmanne/vroue, Tradisionele Owerhede en die Kommunale Grondrade met betrekking tot administrasie van kommunale gronde.

INLEIDING

Die Wet op Kommunale Grondhervorming streef daarna om die stelsel van grondeiendomsbesit te bevorder deur Kommunale Grondrade in kommunale gebiede aan te stel. Hierdie Rade kontroleer die toestaan en kansellasië van gewoonteregte op grond deur die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid oor ‘n spesifieke kommunale gebied. Die Wet verskaf gelyke regte vir vroue wanneer hulle aansoek vir kommunale grondregte doen. Die Wet beskerm ook die oorlewende wederhelf van ‘n gestorwe eienaar van die gewoontereg op grond deur die oorlewende wederhelf wat die man of die vrou kan wees, die reg te gee om aansoek by die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid te doen om die gewoonte grondreg in sy/haar naam te her-registreer.

Volgens tradisionele reg het ‘n vrou nie die reg om grond vir haar eie voordeel te gebruik of te besit nie, of tensy anders as in die geval waar hulle persoonlike items met min waarde besit. Vroue word toegelaat om op die grondstuk te bly en te bewerk alleenlik omdat hierdie grond aan hulle getroude mans, vaders of ander manlike familieledes behoort. Hierdie situasie is diskriminerend teenoor vroue.

Baie vroue wat onder tradisionele reg lewe is afhanklik van hulle mans om vir hulle te sorg alhoewel hulle in werklikheid in staat is om na hulself te kan omsien. Omdat hierdie vroue finansiëel afhanklik van hulle mans is, kan hulle onder tradisionele reg nie van geleenthede wat normaalweg vir ander vroue beskikbaar is gebruik maak nie. Byvoorbeeld vroue het nie die finansiële vermoë om vir hul eie onderrig te betaal nie. Hulle kan ook nie onafhanklike besluite oor hulle lewens neem nie soos of hulle kinders wil hê of nie. Hierdie afhanklikheid maak vroue kwesbaar teen huishoudelike geweld, seksuele misbruik en MIV/Vigs infeksies.

Artikel 10 van die Namibiese Grondwet verseker gelykheid voor die wet van alle mense, insluitende vroue. Die Artikel verhoed ook dat teen vroue op grond van hulle geslag gediskrimineer word. Die Grondwet laat ook toe vir positiewe aksie van die kant van die regering om die sosiale, ekonomiese en opvoedkundige diskriminasie teenoor vroue aan te spreek. In besonder voorsien Artikel 23 dat vroue aangemoedig moet word en daartoe in staat gestel word om ‘n gelyke en effektiewe rol in die politiese, sosiale, ekonomiese en kulturele lewe van die nasie te speel.

Deur vroue die reg te gee dat grond in hul name geregistreer word, deur te voorsien dat hulle op die grond kan bly na die afsterwe van hul mans en deur voorsiening te maak dat ten minste vier vroue op elke kommunale grondraad verteenwoordig word, demonstreer die regering ‘n bereidwilligheid om die posisie van vroue in die gemeenskap te verbeter.

Ander voorbeelde van wetgewing wat daarop gerig is om vroue se rol in ons samelewing te versterk, is die Wet op die Gelyke Behandeling van Getroude Persone, die Arbeidswet en die Wet op Regstellende Aksie.

Sommige mense het regte tot kommunale gronde wat nie onder gewoontereg (tradisionele reg) aan hulle gegee was nie. ‘n Voorbeeld daarvan is die toestemming om te okkupeer (PTO). Die Wet op Kommunale Grondhervorming doen weg met hierdie huidige stelsel deur sulke regte te vervang met die van huurbesitregte.

Seksie 17

- (1) *Onderhewig aan die vereistes van hierdie Wet, vestig alle kommunale grondgebiede onder die beheer van die Staat wat dit onder beskerming moet hou vir die voordeel van die tradisionale gemeenskappe wat daar woon. Die Staat moet ook hierdie gemeenskappe help om ekonomies en sosiaal te ontwikkel, spesifiek diegene wat nie genoegsame toegang tot grond het nie, asook diegene wat nie werk in die formele arbeidsmark of ander sektore as die landbou sektor het nie.*
- (2) *Geen persoon sal die reg hê om eiendomsreg ten opsigte van enige deel van ‘n kommunale grond te bekom of toe te staan nie.*

Omheinings word ook deur hierdie Wet aangespreek. In beginsel is die omheining van kommunale gebiede verbode tensy toestemming vir die aanbring van 'n omheining gegee is, of 'n bestaande omheinde gebied toegelaat word. Regulasie 26 van die Wet laat toe dat bestaande afkappings wat met die inwerkingtreding van die Wet alreeds daar was en gebruik was om opstalle, waterputte of mielievelde te omhein, behoue kan bly. Die Kommunale Grondrade moet registers hou waar gewoonteregte op grond en regte tot huur asook die gebruik van kommunale gronde gekontroleer word.

In hierdie gids word elke seksie van die Wet bespreek sodat die leser dit duidelik kan verstaan. Ons het 'n afskrif van die wet aan die agterkant van hierdie boek aangeheg sodat die leser dit met die gids kan vergelyk.

i. Eienaarskap van kommunale gronde

Voordat ons met die bespreking van die verskeie seksies in die wet begin, is dit belangrik om te weet wat kommunale grond is asook die vraag oor eienaarskap van kommunale gronde.

ii. Wat is kommunale grond?

Kommunale grond word in seksie 15 beskryf. Dit sluit in:

- Die gebiede wat as kommunale grond in Skedule 1 van die Wet beskryf word.
- Enige gebied wat as kommunale grond in seksie 16 (1) (a) verklaar word.



Regulasie 26 laat toe dat bestaande afkappings wat vir opstalle, krale, water putte of miele velde gebruik is, behou kan word. (FOTO)

- Enige grond wat in ‘n kommunale gebied onder seksie 15 (1) (b) ingekorporeer is.
- Plaaslike owerheidgebiede binne die grense van ‘n kommunale grond gebied wat nie deel van die kommunale grond uitmaak nie.

iii Wie besit kommunale grond?

Seksie 17 maak dit baie duidelik dat alle kommunale grond gebiede aan die Staat behoort wat dit in trust (beskerming) plaas vir die voordeel van tradisionele gemeenskappe wat in daardie gebied woon. Omdat kommunale grond aan die Staat behoort, moet die Staat stelsels daar stel om te verseker dat kommunale grond administrasie in die belang van die mense wat in kommunale gebiede woon, gekontroleer moet word. Die Wet doen dit deur die Hoofman/vrou se kantoor of die Tradisionele Owerheid se kantoor in te korporeer en deur Kommunale Grondrade op die been te bring wat moet saamwerk om beter kommunale grond administrasie te verseker.

Die Wet maak dit baie duidelik dat kommunale grond nie as privaat eiendom aan enige persoon verkoop mag word nie. Dit beteken dat kommunale grond nie soos kommersiële grond verkoop mag word nie.

As die toevertroude bewaarders van kommunale grond is die Staat se verpligtinge ten opsigte van kommunale grond soos volg:

- Die Staat moet na die kommunale grond en die administrasie daarvan toesien dat dit tot die beste wil van die mense gehanteer word.
- Die Staat moet in so ‘n manier handel dat dit die gemeenskappe in die kommunale gebiede bevoordeel. In ander woorde die mense wat in kommunale gebiede woon, moet die voordele van die kommunale gronde geniet. Nie ander mense nie.
- Die rede waarom die Staat die grond in trust behou, is om die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die mense in Namibië te bevorder. In besonder vir daardie mense wat nie grond het nie en dié wat nie ander inkomste het nie en wat op die kommunale grond vir hul oorlewing Staat maak.



Vroue wat die grondstuk in Elim kiesafdeling skoonmaak. Foto deur Augustus Shikomba.

iv. Die verskille tussen 'n wet en 'n voorgestelde wetsontwerp

Voordat ons met die besprekinge oor die Wet op Kommunale Grondhervorming begin, is dit belangrik om te verstaan wat 'n wet van die Parlement beteken (of 'n wet in kort) in die werklike sin van die woord is. 'n Wet het te doen met 'n spesifieke aangeleentheid. Dit reguleer sake met betrekking tot die aangeleentheid. Byvoorbeeld die Wet op Kommunale Grondhervorming het te doen met aangeleenthede tot kommunale grondhervorming.

Wette word op die volgende manier in werking gestel:

- 1 'n Voorgestelde wetsontwerp word aan die Parlement voorgelê waar die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad dit bespreek.
- 2 As die twee huise die voorgestelde wetsontwerp aanvaar, sê ons dat dit deur die Parlement goedgekeur is.
- 3 Nadat die voorgestelde wet goedgekeur is, word dit na die President gestuur om geteken te word en daarna word dit bestempel as 'n wet van die Parlement. Die wet word gewoonlik bindend (wetlik bekragtig) nadat die President dit geteken het maar baie wette meld dat dit eers in werking sal kom op 'n dag wat in die Staatskoerant aangekondig sal word.

Die Staatskoerant is die amptelike staatskoerant waarin nuwe wetgewing, kennisgewings en regulasies geadverteer word. Publikasies in die Staatskoerant dien as bewys dat die wetgewing bestaan en lig ook sodoende die publiek daarvan in.

HOOFSTUK I VOORAFGAANDE

Seksie 1: Definisies

Seksie 1 van die Wet op Kommunale Grondhervorming bevat definisies van die woorde wat in hierdie Wet gebruik word. As jy onseker is oor die betekenis van woorde wat in hierdie gids gebruik is, moet jy na hierdie seksie verwys. Ons het ook 'n woordelys ingesluit.

As die Wet na die *Raad* verwys, dan verwys dit na die Kommunale Grondraad soos dit vir doeleindes in die Wet voorgeskryf word en die raadsgebied is die gebied waarvoor die spesifieke Raad verantwoordelik is.

Die *Hoofman* is die persoon wat onder die Tradisionele OwerheidsWet, nr. 25 van 2000 erken word as die leier van 'n sekere tradisionele gemeenskap.

Die *gemeenskaplike grond* is die weidingsgebied vir die lewende hawe van die inwoners van die tradisionele gemeenskap.

Die *kommunale grond* van 'n tradisionele gemeenskap is daardie deel van die kommunale grond wat deur die inwoners van die gemeenskap bewoon word

Kommunale grond is die gebied wat in Skedule 1 van die Wet beskryf word tesame met bykomende of weggelate dele daarvan soos deur die President afgekondig.

Gewoonteregte op grond sluit die volgende regte in:

- Die reg tot 'n grondeenheid vir boerdery doeleindes
- Die reg tot 'n grondeenheid om op te woon.
- Die reg of enige ander regte van gewoonteregte op grond wat deur die Minister in die Staatskoerant erken word.

'n *Eenheid* om op te boer is 'n grond gebied wat onder die Wet vir boerdery doeleindes gegee is. Dit moet 'n spesifieke grootte van die kommunale grond bevat.

'n *Huurder* is die persoon wat huur toegestaan is om 'n sekere grondstuk in die kommunale gebied te huur.

Wanneer na die *Minister* in hierdie Wet verwys word, word bedoel die Minister van Grond, Hervorming en Rehabilitasie.

Met die *Permanente Sekretaris* word verwys na die Permanente Sekretaris van die Ministerie van Grond, Hervorming en Rehabilitasie.

'n *Streek* is een van die 13 streke in Namibië soos voorsien onder die Wet op Streeksrade, nr. 22 of 1992.

'n *Streeksraad* is die Raad wat onder die Wet op Streeksrade tot stand gebring is en verantwoordelik is vir 'n spesifieke streek.

'n *Woongebied* is 'n gedeelte van 'n grondstuk wat onder die Wet toegestaan word vir woondoeleindes. Die grootte van die gebied moet 'n sekere grootte het soos deur die Wet voorgeskryf.

Reg om te *huur* beteken die reg om 'n gedeelte van 'n kommunale grond soos in die Wet voorgeskryf, te huur.

'n *Wederhelf* sluit in (man of vrou) wat in 'n tradisionele of siviele troue verbind is ongeag of die tradisionele troue geregistreer is of nie. 'n Huwelik vir die doel van hierdie Wet sluit in beide tradisionele of siviele.

'n *Tradisionele Owerheid* verwys na die tradisionele leiers soos onder hierdie Wet beskryf.

'n *Tradisionele gemeenskap* het dieselfde betekenis as tradisionele gemeenskap onder die Wet van Tradisionele Owerhede. Dit beteken basies dat die inwoners van die gemeenskap dieselfde taal, kultuur, tradisies en gewoontes beoefen. Hulle erken 'n gemeenskaplike Tradisionele Owerheid en bly in dieselfde kommunale gebied. Mense wat buite die kommunale gebied woon, word ook as deel van die tradisionele gemeenskap geag.

HOOFSTUK II

KOMMUNALE GRONDRADE

Seksie 2: Stigting van Kommunale Grondrade

Seksie 2 maak voorsiening vir die stigting van kommunale Grondrade deur die Minister. Die Minister moet hierdie rade vir sekere gebiede tot stand bring, maar eers nadat konsultasies met die tradisionele owerhede wat deur hierdie besluit geraak sal word, gehou is. Kommunale Grondrade kan die volgende gebiede dek:

Die Minister moet met die aangewese Tradisionele Owerheid konsulteer wanneer:

- 'n Kommunale Grondraad gestig word of;
- Die grense van die gebied waarvoor die raad verantwoordelik is, verander word.

- Die hele streek waarin die kommunale gronde geleë is, byvoorbeeld die hele Omusati streek.
- 'n Spesifieke deel van die streek.
- Gespesifiseerde dele van twee of meer streke.

Voorsorg:

- *Die Minister moet die stigting van elke Kommunale Grondraad en sy gebied/e van verantwoordelikheid in die Staatskoerant publiseer.*
- *Alle veranderinge van grense van verantwoordelikheid moet ook gepubliseer word.*

Seksie 3: Funksies van die Kommunale Grondrade

Die Wet sit die funksies van die rade uiteen. Kommunale Grondrade moet:

- Die toekenning en kansellasië van gewoonteregte op grond kontroleer wat deur Hoofmanne/vroue of tradisionele owerhede toegestaan word.
- Besluit neem op huuraansoeke.

- Registers aanteken vir die toekenning, oorpasing en kansellasië van gewoonteregte op grond
- Die Minister oor Regulasies wat die doelwitte van die Wet voorafgaan adviseer.

Belangrike punt

Kommunale Grondrade mag alleenlik binne die grense soos deur die Wet voorgeskryf, hulle pligte uitvoer. Enige optrede wat nie deur die raad toegelaat word nie, is buite die raad se mag en daarom ongeldig.

Seksie 4: Samestelling van Rade

Wie is die lede van 'n Kommunale Grondraad?

Dit moet uit die volgende persone bestaan:

- Een verteenwoordiger van die Tradisionele Owerheid binne die gebied waar die Raad moet dien.
- Een verteenwoordiger wat die georganiseerde boere van die gebied waar die Raad moet dien.
- Die streeksbeampite van die spesifieke streek waar die Kommunale Grondraad moet dien.
- Vier vrouens. Twee van hulle moet in die gebied waar die Raad verantwoordelik sal wees, boer en die ander twee moet ondervinding hê oor funksies van die Raad.
- As daar 'n bewaringsgebied (conservancy) in die omgewing is, moet een persoon daarvan afgevaardig word. Waar daar meer as een bewaringsgebied is, moet hulle gesamentlik een persoon afvaardig om op die Raad te dien.
- Vier werknemers van die publieke dienste wat deur die volgende Ministeries genomineer is:
 - Die Minister van Streeks en Plaaslike Regering en Behuising
 - Die Minister van Grond, Hervestiging en Rehabilitasie
 - Die Minister van Landbou, Landelike Ontwikkeling en Water
 - Die Minister van Omgewing en Toerisme

Die Minister moet in geskrewe vorm die genoemde vier Ministers, die Tradisionele Owerheid/hede en die bewaringsgebiede vra om mense tot die Raad te nomineer. As die Tradisionele Owerheid of die bewaringsgebiede niemand nomineer nie, kan die Minister geskikte persone daarvoor benoem.

Die lede van die Raad moet 'n voorsitter kies.

Raadslede dien vir 'n periode van drie jaar en kan herverkies word soos in Seksie 6 aangedui. Maar lede kan van die Raad verwyder word onder die volgende gevalle:

- As hulle bedank
- As hulle gediskwalifiseer word. Byvoorbeeld as die persoon 'n lid van die Nasionale Raad word. (sien boks op volgende blad vir meer besonderhede).
- As hulle drie opeenvolgende vergaderings mis.



Hoofman John Arnold, hoof van die !Kung besig om met die gemeenskap van Aasvoëlnes te konsulteer. Foto deur WIMSA

- As hulle Tradisionele Owerheid die genomineerde persoon onttrek, moet hulle dit in geskrewe vorm doen. Byvoorbeeld as die bewaringsgebied vir Lydia genomineer het en haar later met iemand anders wil vervang, moet dit in geskrewe vorm aan die Minister gedoen word.
- As hulle geestelik of fisies gestremd raak en nie meer hulle werk kan doen nie.

Indien 'n vakante posisie ontstaan moet iemand aangestel word om vir die onverstreke tydperk van die termyn te dien.

Die voorsitter kan van die posisie verwyder word wanneer 'n twee-derde meerderheid van die Raad so besluit.

Seksie 7: Vergaderings van die Raad

Die seksie reguleer die vergaderings van die Raad en bepaal watter prosedures gevolg moet word om besluite te neem.

Die Minister moet die eerste vergadering byeen roep. Daarna moet die Raad elke tweede maand vergader. Spesiale vergaderings kan deur die Minister of die voorsitter met die toestemming van die Minister byeen geroep word.

Die Wet gee rigting oor hoeveel raadslede teenwoordig moet wees om bindende besluite te kan neem. Die Wet bepaal dat die meerderheid raadslede teenwoordig moet wees om 'n kworum te vorm.

Diskwalifikasies

Die volgende persone mag nie lede van die raad word nie:

- 'n Lid van die Nasionale Raad of die Streeksraad.
- 'n Hoofman
- 'n Bankrot verklaarde persoon wat nog nie rehabiliteer is nie.
- 'n Persoon wat skuldig bevind is op 'n kriminele oortreding en effektiewe tronkstraf toegedien is sonder die opsie om 'n boete te betaal.

Besluite word deur die oorgrootte meerderheid van stemme bepaal. Met ander woorde as die oorgrootte meerderheid van die lede in die guns van die besluit stem. Die voorsitter het ‘n tweede stemreg as daar nie ‘n kworum is nie. Die voorsitter lei die vergaderings. In sy/haar afwesigheid kan die lede wat teenwoordig is iemand kies wat vir daardie vergadering as voorsitter moet optree.

Met die goedkeuring van die Minister kan die Raad twee mense met genoegsame kennis en ondervinding uitnooi om deel te wees van ‘n vergadering. Hierdie mense het nie reg op te stem nie.

Regulasie 34 beskryf die funksies van die sekretaris van die Raad. Die sekretaris moet:

- As die rekenkundige beampte vir die Raad optree.
- Sekretariële dienste aanbied en notules van vergaderings neem.
- Die besluite van die Raad implementeer
- Die administratiewe werknemers adviseer.

Notules moet by alle raadsvergaderings geneem word.

Seksie 8: Komitees

Kommunale Grondrade kan komitees kies wat bestaan uit die Raad om advies ten opsigte van sekere aspekte te voorsien.

Seksie 9: Openbaarmaking van belange

Die doel van hierdie seksie is om beskerming aan die Raad en die mense wat onder hierdie Raad se toesig is, te voorsien.

Wanneer ‘n lid van die Raad of komitee belange in ‘n sekere aangeleentheid het, moet hierdie persoon sy/haar belange openbaar maak en die vergadering verlaat sodat die Raad ‘n besluit neem of die genoemde aangeleentheid botsende belange het. Indien dit so bepaal is, mag die betrokke lid nie deel wees van die bespreking nie.

As dit bekend geword het dat die persoon nie sy/haar belange openbaar gemaak het nie, sal die besluit van die Raad of die komitee as nietig verklaar word en hulle sal die besluit dan moet hersien en kyk of die betrokke lid invloed hierop het. Indien ‘n persoon se belange nie openbaar gemaak word nie, kan die persoon tot 2 jaar effektiewe tronkstraf of N\$8 000 of beide toegedien word.

Voorbeeld:

Botsende belange

Die raad moet besluit wat om te doen met omheining wat sonder toestemming in kommunale grondgebiede aangebring is. Eliphas het sy plaas van 2000 hektaar wat in ‘n kommunale gebied geleë is omhein. Eliphas is ook ‘n lid van die raad.

Dit is duidelik dat Eliphas belange in hierdie saak het. Die raad se besluit sal ‘n impak op die saak van die omheining het.

Eliphas moet sy belange in die genoemde saak openlik verklaar, naamlik dat hy wel die omheining aangebring het en gevolglik die vergadering verlaat sodat die raad ‘n besluit daaromtrent moet neem.

Seksie 10: Betalling van raadslede

Lede van die Raad wat nie vir die regering werk nie, sal vir hulle dienste vergoed word. Die Minister sal besluit wat die toelaag sal wees. Toelae kan verskil van posisie tot posisie. Byvoorbeeld die voorsitter kan 'n hoër toelaag as enige ander lid in die Raad verdien.

Seksie 11: Finansiering van rade

Kommunale Grondrade word met die geld wat die parlement voorsien, gefinansier.

Seksie 12: Uitvoering van administratiewe werk

Die administratiewe werk van die Raad word deur die publieke dienste se werknemers gedoen wat deur die permanente sekretaris van die Ministerie van Grond, Hervestiging en Rehabilitasie of deur die werknemers van die streeksrade afgestaan word. Beide die permanente sekretaris of die streeksraad moet die sekretaris van die Raad verkies.

Seksie 13: Jaarlikse verslae

Kommunale Grondrade moet verslae van hulle jaarlikse aktiwiteite saamstel en dit na die Minister van Grond, Hervestiging en Rehabilitasie nie later as die 31 Januarie van elke jaar stuur. Die Minister moet afskrifte van hierdie verslae aan die Nasionale Raad binne 28 dae na ontvangs, voorlê.

Waarom moet die verslae aan die Nasionale Raad voorgelê word?

Dit stel die regering instaat om:

- *Bepaal of die Kommunale Grondrade hulle funksies tot uitvoering bring.*
- *Bepaal of die geld van publiek reg gebruik word.*
- *Bepaal of die kommunale grondhervorming bereik word deur die aktiwiteite van die Raad, en*
- *Bevorder deursigtigheid, demokrasie en goeie regering deur die publiek insae te gee tot die aangeleenthede van die Raad.*

Seksie 14: Beperking van aanspreeklikheid

Hoofmanne, tradisionele owerhede en lede van die Kommunale Grondraad is nie persoonlik verantwoordelik vir enige dade wat in goede trou geneem word gedurende die uitvoer van hulle pligte soos in die Wet voorgeskryf word nie.

Waarom is daar 'n beperking ten opsigte van persoonlike verantwoordelikheid?

Persoonlike verantwoordelik beteken ons almal is verantwoordelik vir ons dade. As Petrus 'n ongeluk met sy kar veroorsaak het, is hy verantwoordelik vir die skade wat hy aan die ander persoon se kar veroorsaak het. Dieselfde geld vir ons besluite waarvoor ons verantwoording moet doen.

Maar omdat die Hoofman, Tradisionele Owerheid of lid van die Kommunale Grondraad 'n offisiële funksie uitvoer is hulle verantwoordelik alleenlik in offisiële kapasiteit. Om persoonlike verantwoordelikheid te beperk, verseker dat mense hulle funksies beter tot uitvoering bring omdat hulle nie bekommerd hoef te wees oor hulle persoonlike aanspreeklikheid terwyl hulle offisiële funksies uitvoer nie. Byvoorbeeld Rosalia, 'n lid van die Raad sal nie persoonlik aanspreeklik gehou word as sy in 'n ongeluk betrokke raak met die Raad se voertuig op 'n besigheidsrit was. Die Raad sal daarvoor aanspreeklik gehou word.

Die beperking van persoonlike aanspreeklikheid hang af van die amptenare wat in goeie trou optree. Met ander woorde, raadslede moet onpartydig wees wanneer hulle besluite neem en hulle moet besluite neem nadat alle inligting goed oorweeg is. Hulle moet daartoe in staat wees om redes te gee vir hulle besluite.

HOOFSTUK III KOMMUNALE GROND GEBIEDE

Seksie 15: Uitbreiding van kommunale gronde

Seksie 15 bepaal watter gebiede deel van die kommunale gronde soos beskryf in Skedule 1 van die Wet uitmaak.

Seksie 16: Stigting van nuwe kommunale grond gebiede asook toevoegings en weglatings daarvan

Onder Seksie 16 kan die President by proklamasie met die goedkeuring van die Nasionale Raad:

- ‘n bepaalde staatsgrond tot ‘n kommunale grond verklaar.
- Enige staatsgrond byvoeg tot die bestaande kommunale grond
- ‘n bepaalde gebied van die kommunale grond weglaat op voorwaarde dat die Staat:
 - Al die regte van die mense wat geaffekteer word inag neem soos gewoonteregte en regte op huur), en
 - Vergoeding vir hierdie regte betaal.

Wanneer ‘n grondstuk onteien word, word dit deel van die staatsgrond en kan as staatseiendom tot beskikking gestel word.


Vergoeding word bepaal deur ‘n ooreenkoms tussen die persoon wie se regte verwerf word of deur arbitrasie van die die Minister onder die ArbitrasieWet van 1965

Wanneer ‘n nuwe kommunale grond geskep, bygevoeg of weggelaat word, moet die veranderinge volgens Skedule 1 van die Wet gemaak word



Omheining van dele van die kommunale grond wat nou deur die Kommunale Grondrade gekontroleer word. Foto deur NNFU

KOMMUNALE GROND GEBIEDE IN NAMIBIA



Seksie 18: Verbod teen omheinings

Die Wet neem ‘n sterk standpunt in teen die oprigting van omheinings in kommunale gebiede. Geen nuwe omheining sonder die toestemming van die aangewese owerheid soos in die Wet voorgeskryf, mag opgerig word nie. Dieselfde geld vir omheinings wat reeds daar was toe die Wet in werking getree het, tensy die mense wat dit aangebring het aansoek vir die behoud daarvan gedoen het en dit goedgekeur was om dit te behou. Vir die doeleindes van hierdie seksie het die Wet in werking gekom op 1 Maart 2003. (sien Staatskennigswaard 34 van 2003) dit beteken dat vanaf 1 Maart 2003 geen nuwe omheinings aangebring mag word en omheinings mag alleenlik behou word indien bemaatiging soos voorgeskryf deur die Wet, toegestaan word.

Sien ook verder in hierdie verband seksies 28 en 35 die wetlike voorskrifte ten opsigte van die behoud van ‘n bestaande omheining.

HOOFSTUK IV TOESTAAAN VAN REGTE TEN OPSIGTE VAN KOMMUNALE GROND

Seksie 19: Regte wat toegestaan kan word

Die volgende regte kan toegestaan word onder die Wet:

- Gewoonteregte op grond wat die volgende regte dek (sien seksie 21):
 - Die reg tot ‘n grondeenheid vir boerdery doeleindes,
 - Die reg tot ‘n grondeenheid om op te woon,
 - Die reg of enige ander regte van gewoontereg op grond wat deur die Minister in die Staatskoerant erken sou wees.
- Regte om te huur

Wat beteken die reg op enige ander vorm van gewoonte besitreg?

Op die oomblik erken die Wet net twee vorme van gewoonteregte op grond naamlik die reg op ‘n gebied om op te boer en ‘n gebied waar ‘n persoon ‘n huis kan bou.

Dit kan ook wees dat die regte tot ‘n grondstuk vir boerdery en ‘n grondstuk om op te woon nie in die toekoms bevredigend genoeg vir alle doeleindes sal wees nie, veral as in ag geneem word die versoeke ten opsigte van die uiteenlopende grondgebruiksvereistes vanaf die kant van die verskillende tradisionele gemeenskappe in Namibië. Daarom laat die Wet die Minister toe om in die toekoms regte in verskillende vorme te kan omskryf.

Deel 1 – Gewoonteregte op grond and weidingsregte

Seksie 20: Die reg om gewoonteregte op grond te kanselleer of toe te staan

Die Hoofman van ‘n tradisionele gemeenskap, of indien die Hoofman so besluit, die Tradisionele Owerheid van die betrokke gemeenskap, het die reg om gewoonteregte op grond te kanselleer of toe te staan. Dit beteken die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid moet eers besluit om ‘n aansoek vir ‘n gewoontereg op grond goed te keur. Eers wanneer hierdie besluit geneem is, sal die saak waarop deur die Hoofman of die Tradisionele Owerheid besluit is na die Kommunale Grondraad vir aanvaarding verwys word.



‘n Wooneedheid in die Nkhoma-Tsankwe distrik, foto deur Richard Paklepa.

Seksie 21: Watter mandaat het die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid om ‘n aansoek te oorweeg?

Die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid mag:

- Die saak ondersoek en met die aangewese mense oor die aansoek konsulteer, of
- ‘n verhoor hou indien ‘n lid van die gemeenskap daarteen gekant is. By hierdie verhoor sal beide die aansoeker en die teenstaander die geleentheid gegun word om hulle redes te verstrek.

Nadat die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid die saak oorweeg het, kan hulle:

- die aansoek van die hand wys, of
- dit goedkeur.

Wanneer ‘n aansoek vir ‘n grondeenheid vir boerdery doeleindes, of om daarop te woon goed gekeur is, kan die Hoofman vrou of die Tradisionele Owerheid:

- Die reg toestaan vir die grondstuk waarvoor aansoek gedoen is,
- Die reg toestaan vir ‘n ander grondstuk met ooreenstemming van die aansoeker
- die grootte en grense van die grondstuk waarvoor die reg toegestaan is, bepaal.

Seksie 22: Hoe doen 'n persoon vir gewoontereg op grond?

Aansoek vir 'n gewoontereg op grond moet gedoen word in:

- Geskrewe vorm
- Op 'n voorgeskrewe vorm
- En aan die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid waar die
- grondstuk gelê is, gee

Hoe om vir gewoontereg op grond in 'n kommunale gebied aansoek te doen:

Seen byhegsel 1 en Regulasie 2 vir die voorgeskrewe aansoek prosedures.

Hierdie aansoek moet alle toepaslike dokumentasie wat die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid mag aanvra, insluit.

Seksie 23: Beperking oor die grootte van die grondstuk wat onder gewoontereg op grond gegee word.

Die Wet gee 'n beperking oor die grootte van die grondstuk wat toegestaan kan word as 'n gewoontereg op grond. As die grond waarvoor aansoek gedoen is die voorgeskrewe grootte oorskry, moet die Minister die goedkeuring daarvan in geskrewe vorm bevestig.

Die Minister kan die voorgeskrewe maksimum grootte voorskryf nadat met die Minister van Landbou oor die aangeleendheid beraadslag is. Wanneer die Minister die voorgeskrewe grootte bepaal, moet die volgende faktore in ag geneem word:

- Die gebied waar die grondstuk geleë is.
- Die doel waarvoor die grondstuk gebruik wil word
- Die feit dat die aansoeker 'n ander grondstuk vir dieselfde doeleindes besit- ongeag of dit kommunaal is of nie. Byvoorbeeld as die aansoeker 2 000 hektaar van die kommersiële grondstuk vir boerdery doeleindes het, moet dit ook in ag geneem word wanneer op die grootte van die grondstuk waarvoor aansoek gedoen is, besluit word.

Onder Regulasie 3 het die Minister die maksimum grootte van die grondstuk wat onder die gewoontereg op grond toegestaan kan word, op 20 hektaar bepaal.



Vroulike boere bewerk grond vir tuinbou. Foto due NDT

Seksie 24: Goedkeuring van die toestaan van gewoonteregte op grond

Met inagneming dat die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid die primêre mandaat het om gewoonteregte op grond toe te staan, beteken nie dat die aansoeker daarmee die reg toegestaan is om die grondstuk in gebruik te neem nie. Voor die aansoeker dit doen, moet die Kommunale Grondraad in die gebied waar die tradisionele gemeenskap geleë is, dit bevestig.

Hoe word die goedkeuring van gewoonteregte op grond hanteer?

- 1. Die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid moet binne 30 dae nadat dit toegestaan is die Raad in kennis stel en ook alle inligting rondom die toestaan van die grondstuk aan die Raad gee. Sien Regulasie 4 vir die inligting wat aan die Raad gegee moet word.*
- 2. Die Raad moet besluit of the Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid die goedkeuring volgens die provisie in die Wet gedoen het. Om dit te doen, kan die Raad navrae hieromtrent doen en ook met ander mense konsulteer.*

Watter mandaat het die Kommunale Grondraad tenopsigte van die toestaan van gewoonteregte op grond?

1. Die Raad moet bevestig of die goedkeuring van die aansoek deeglik en bevredigend gedoen is.
2. Die Raad kan die saak na die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid met kommentaar terug stuur vir heroorweging.
3. Die Raad kan die toestaan van die grondstuk weier as:
 - 'n grondstuk wat reeds aan iemand anders toegestaan is, gegee word.
 - Die grootte van die grondstuk die voorgeskrewe grootte oorskry, of
 - As die grondstuk wat vir algemene gebruik allokeer is vir iemand gegee word vir publieke belange.
4. As die toestaan van die grondstuk geweier is moet die Raad redes in geskrewe vorm aan die aansoeker asook aan die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid gee.

Voorsorg:

Die Raad moet redes in geskrewe vorm aan die aansoeker asook aan die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid gee as die toestaan van die grondstuk geweier is. Met hierdie informasie kan die aansoeker besluit of die Raad alle toepaslike faktore oorweeg het toe die besluit geneem is. As die aansoeker besluit om die saak na die Hoër Hof te neem om sodoende te bevestig dat die Raad die regte besluit geneem het, moet die aansoeker hierdie redes gebruik om sy aansoek te ondersteun.

Seksie 25: Registrasie van gewoonteregte op grond

Wat gebeur nadat die Kommunale Grondraad gewoonteregte op grond bevestig het?

Die Raad moet:

1. Seker maak dat die goedkeuring in die register in die naam van die aansoeker geregistreer is. Regulasie 5 beskryf die inligting wat ingesluit moet word.
2. 'n Sertifikaat van registrasie aan die aansoeker uitmaak. Hierdie sertifikaat van registrasie moet soos vorm 2 in die Regulasies lyk.
3. 'n Afskrif van die sertifikaat van registrasie in die kantoor hou.

Seksie 26: Duur van 'n gewoontereg op grond

Vir hoe lank word die gewoontereg op grond toegestaan?

1. 'n Gewoontereg op grond duur lewenslank. Dit kom ten einde wanneer die persoon sterf.
2. Die persoon wat die reg toevertrou is kan besluit om dit terug te gee voordat hy/sy tot sterwe kom. Daarmee bedoel ons dat die persoon die reg kan opsê.

Wat gebeur as die persoon aan wie die reg toevertrou is, tot sterwe kom?

1. Die reg word onmiddelik aan die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid terug gegee.
2. Die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid moet hierdie reg aan:
 - Die oorlewende wederhelf gee. Die wederhelf moet sy/haar bereidwilligheid verklaar om dit oor te neem.
 - 'n Kind van die gestorwene indien daar nie 'n wederhelf is nie of indien die wederhelf dit nie wil oorneem nie.

Wat gebeur as die reg aan die oorlewende wederhelf gegee is wat later weer met iemand anders trou en tot sterwe kom?

1. Die reg word onmiddelik aan die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid terug gegee.
 - Die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid moet hierdie reg aan die oorlewende wederhelf van die tweede of daarvolgende huwelik maar alleenlik wanneer hierdie persoon bereid is om dit oor te neem.
 - As daar geen oorlewende wederhelf is nie of as hierdie persoon dit nie wil oorneem nie moet 'n kind van die eerste huwelik of enige latere huwelike dit oorneem. Die Hoofman/vrou moet bepaal watter kind geregtig is om dit te kry.

*** BELANGRIK**

Die Wet dui aan dat die reg aan 'n kind van die oorledene wat tenopsigte van gewoonte reg deur die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid as aangewese gesien word, gegee word. Hierdie provisie kan teen dogters en jonger seuns van die oorledene diskrimineer omdat die sisteem in die meeste gewoonteregte van toepassing is op mans, byvoorbeeld die oudste seun erf die vaste bates van die oorledene. As die gewoonte regte streng volgens hierdie reëls gevolg word, sal dit nie geslagsgelykheid bevorder nie en dit sal ook nie die situasie van die meisies in tradisionele gemeenskappe bevorder nie. Dit kan ook teen kinders wat buite die huwelik gebore is, diskrimineer.

Wat gebeur wanneer die oorlewende wederhelf van 'n tweede of latere huwelik aan wie die reg toevertrou is, tot sterwe kom?

1. Die reg word onmiddelik aan die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid terug gegee. Voordat dit oorhandig word, moet met die familielede daaroor beraadslaag word.
2. Die volgende mense moet inag geneem word:
 - Die oorlewende wederhelf wat die reg toevertrou is op grond van die feit dat hy/sy met die gestorwene getroud was.
 - Enige kind van enige van die huwelike waarin die gestorwene betrokke was.
 - Enige ander persoon.

Neem kennis

'n Aangenome kind word in hierdie Wet as 'n eie kind van die gestorwene aangesien. Dit beteken dat so 'n kind ook kwalifiseer om hierdie reg toevertrou te word.

Wat gebeur as daar nie 'n oorlewende wederhelf of enige kind aan wie hierdie reg oorgegee kan word, bestaan nie, of indien die oorlewende wederhelf of kinders nie die reg wil oorneem nie?

Die gewoontereg op grond word weer aan die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid beskikbaar gestel om dit aan iemand anders te gee.

Voorbeeld:

'n Gewoontereg op grond was aan Hendrik wat met Liesbet getroud was, toe geëien. Hendrik kom tot sterwe. Wat gebeur dan met hierdie reg?

Die reg word aan die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid terug gegee om dit aan iemand anders te gee. Hierdie offer word eers aan Liesbet gemaak. Sy kan dit aanvaar en die grondstuk kan in haar naam geregistreer word. As sy dit nie wil hê nie, sal gekyk word of hulle kinders het en daarna sal volgens die Wet besluit word aan watter kind dit geoffer kan word.

Kom ons beweer dat Liesbet die offer aanvaar het. Na 'n paar jaar trou sy met Moses. Wat gebeur dan as sy tot sterwe kom?

Die reg word aan die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid terug gegee. Dit sal dan aan Moses geoffer word. As hy dit nie wil hê nie, sal dit aan een van die kinders van die tweede en derde huwelike geoffer word.

Wat gebeur as Moses die offer aanvaar, met Sophie trou en daarna tot sterwe kom?

Die reg word onmiddelik aan die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid terug gegee om te besluit wie die aangewese persoon is om dit oor te neem. Voordat dit oorhandig word, moet met die familielede daaroor gesels word.

Die volgende mense moet inag geneem word:

- 1. Die oorlewende wederhelf wat die reg toevertrou is op grond van die feit dat hy/sy met die gestorwene getroud was.*
- 2. Enige kind van enige van die huwelike waarin die gestorwene betrokke was.*
- 3. Enige ander persoon.*

Seksie 27: Kansellasië van gewoonteregte op grond.

Die Wet maak voorsiening dat die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid die gewoonte grond kan kanselleer al was hierdie reg al voor die bestaan van die Wet toegestaan.

1. As die houer van die reg nie by die reëls en Regulasies van die Wet hou nie. Byvoorbeeld as hierdie grond gegee is om op te woon, mag die houer van so 'n reg nie 'n hotel daarop bou en opereer nie.
2. As die grond gebruik word vir iets wat nie op gewoontereg op grond toelaatbaar is nie, byvoorbeeld vir boerdery of woon.
3. As daar enige ander redes is waarvoor hierdie reg gekanselleer kan word.

Regulasie 6 gee 'n lys van redes waarvoor 'n kansellasië gedoen kan word.

1. As die grond deur diefstal bekom is.



Bok boerdery in die Omatako vallei. Foto deur WIMSA

Watter voorsorgmaatreëls het die houer van 'n gewoontereg op grond teen die kansellasië van sy/haar reg?

Die kansellasië van 'n gewoontereg op grond moet volgens die Wet uitgevoer word. Die kansellasië het geen Wetlike effek tensy die Kommunale Grondraad dit bevestig.

Onder watter omstandighede volgens die Wet kan die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid 'n gewoontereg op grond kanselleer?

2. As die reg nie volgens die voorgeskrewe reëls in die Wet gegee is nie.
3. As die grond nie vir die afgelope 3 jaar bewoon was nie.
4. As die reg voorheen aan iemand toegestaan was en hierdie toekenning het nie volgens voorgeskrewe prosedure ten einde geloop nie.

Wat gebeur as die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid die gewoontereg op grond kanselleer?

1. Die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid moet die Kommunale Grondraad onmiddelik daarvan inlig en die nodige inligting saamstuur.
2. As die Raad tevrede is met hoe die kansellasië gedoen is, moet dit bevestig word.
3. Die Raad moet toesien dat die kansellasië in die register aangeteken is.

Sien Regulasie 6 vir meer inligting hierop.

Seksie 28: Erkenning van bestaande gewoonteregte op grond.

Nadat die Wet in werking gekom het, was dit nie net te doen met die toestaan van gewoonteregte op grond nie. Dit het ook met te doen met grondregte van reeds bestaan het voordat die Wet in werking gekom het.

Mense wat reeds bestaande grondregte het om kommunale grondstukke te gebruik of beset sal voorts hul regte behou behalwe as:

1. Die persoon se reg om dit te beset verwerp was tot hy/sy aansoek gedoen het om erkenning van die Raad te ontvang.
2. Die grondstuk aan die Staat terug gegee is omdat die aansoek vir erkenning en registrasie nie op tyd ingedien was nie.
3. Alle grond gebruikregte, soos weidingsregte moet volgens die Wet registreer word.



Alle regte met betrekking tot die gebruik van die grond, soos weidingsregte, moet ingevolge die Wet registreer word.

Hoe moet 'n persoon wat bestaande gewoonteregte op grond het, erkenning daarvoor kry?

1. Die persoon moet aansoek by die Kommunale Grondraad van die gebied waar die grond geleë is, doen om erkenning te kry en ook te registreer. Hierdie aansoek moet op vorm 3 wat in die Regulasies uiteengesit is, gedoen word.
2. In die Staatskennisgewing 35 en 36 van 2003 het die Minister die datum waarvan die mense aansoek vir registrasie en erkenning moet doen, as 1 Maart 2003 aangekondig. (vir ons eie doeleindes kan ons dit die “begin datum vir aansoeke” noem).
3. Volgens seksie 37 kan die Raad die aansoek na 'n ondersoek komitee verwys om ondersoek te doen voordat die Raad finale besluite neem.

Neem kennis:

Gewoontereg op grond houeers moet aansoek vir erkenning en registrasie van hulle bestaande regte binne 3 jaar na 1 Maart 2003 doen. Die Minister kan hierdie periode in die openbaar verleng.

As 'n persoon nadat die Wet in werking gekom het toestemming wil bekom om die bestaande omheining te behou, wat moet hy dan doen?

(Onthou dat die behou van bestaande omheining of aanbring van nuwe omheining in terme van die Wet toegestaan moet word.)

1. Doen aansoek aan die Kommunale Grondraad waar die omheinde grond geleë is om dit te behou. Gebruik vorm 3. (sien Regulasies.)
2. Die Minister het 1 Maart 2003 aangekondig as die datum waarvan mense wat die bestaande omheining wil behou kan aansoek. (Vir ons eie doeleindes kan ons dit die “begin datum vir aansoeke” noem).
3. Volgens seksie 37 kan die Raad die aansoek na 'n ondersoek komitee verwys om ondersoek te doen voordat die Raad finale besluite neem.

Neem kennis:

Mense wat graag toestemming wil he om die bestaande omheining wil behou moet binne 3 jaar na 1 Maart 2003 doen. Die Minister kan hierdie periode in die openbaar verleng.

Watter inligting moet gegee word vir erkenning en registrasie van bestaande gewoontereg op grond of vir toestemming om die omheining te bekom?

1. Enige dokumentêre bewys wat die aansoek ondersteun. Byvoorbeeld gemeenskapslede kan 'n brief skryf waarin hulle se dat die aansoeker vir 'n lang tydperk op daardie grondstuk woon.
2. 'n Brief van die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid wat die inligting uiteensit onder sekere Regulasies aangevra word aan die Minister gegee moet word.
3. Enige ander dokument of inligting wat die Raad mag nodig het.

Wat gebeur wanneer 'n persoon aansoek vir erkenning en registrasie van bestaande gewoonteregte op grond doen nadat die genoemde tydperk verval het?

Sien Regulasie 7 vir verdere inligting ten opsigte van aansoek prosedure

1. As die persoon 'n goeie rede daarvoor gee, kan die Minister sy/haar aansoek oorweeg.
2. As daar geen goeie redes verbonde is nie, sal aangeneem word dat die persoon sy/haar regte opgegee het.
3. In so 'n geval sal die grondstuk na die regering terug gegee word en dit sal dan weer beskikbaar wees vir hervestiging.

Watter mandaat het die Kommunale Grondraad in terme van aansoeke vir erkenning en registrasie van bestaande gewoonteregte op grond?

1. Die Raad kan ondersoek doen en met ander mense konsulteer om feite bymekaar te maak. Soos:
 - Wanneer en hoe die reg gegee was
 - Of ander mense ook dieselfde grondstuk wil he
 - Of die grootte van die grondstuk met die maksimum grootte wat deur die Minister voorgeskryf word, ooreenstem.
 - Die grense van die grondstuk
2. Indien tevrede met die korrektheid van die eis van die bestaande grondreg, moet die Raad:
 - Die aansoek erken
 - Seker maak dat die besonderhede van die reg in die register en volgens Regulasie 8 aangeteken is.
 - 'n Sertifikaat van registrasie (vorm 4 in die Regulasie) aan die aansoeker uitgemaak is.
3. Indien daar konflikterende eise ten opsigte van die betrokke grondstuk is of indien die Raad sy twyfel rondom die aansoeker se eis het, moet die Raad 'n verhoor hou. Na die verhoor moet die Raad:
 - Die eis bevestig
 - Die eis bevestig met voorwaardes wat deur die Raad bepaal was soos die grootte en grense van die eis.
 - Die eis verwerp
 - Die saak na die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid om te oorweeg of die aansoeker die reg toegestaan kan word, ten opsigte van die grond waar die aansoeker verbonde is of tot 'n ander porsie. Die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid moet daarna die aansoek soos 'n nuwe aansoek hanteer.

Regulasie 9 beskryf die prosedure wat gevolg moet word wanneer 'n verhoor gehou word om te bepaal of daar konflikterende eise ten opsigte van die gewoontereg op grond betrokke is.



Tenopsigte van die Wet moet weidingsregte geregistreer word Foto deur NNFU

Wat gebeur wanneer die eienaar van die gewoontereg op grond tot sterwe kom?

Daar is twee moontlike gevalle.

1. Die houer van die reg sterf voordat aansoek vir erkenning van die reg aansoek gedoen was. Die Wet gee die oorlewende wederhelf die reg om die aansoek te doen asof die oorlewende die al reeds die reg gehad het om aansoek vir die reg te doen. Indien daar geen oorlewende wederhelf is nie, kan die Raad 'n kind van die gestorwene toelaat om aansoek vir toelating te doen nadat met die Hoofman/vrou of die tradisionele owerhede konsulteer was.
2. Die bestaande houer van die reg doen aansoek vir erkenning van die gewoontereg op grond binne die tydperk wat deur die Minister voorgeskryf is, maar sterf voordat 'n besluit daarop gemaak is. Die aansoek sal dan hanteer word asof die oorspronklik deur die oorlewende wederhelf, 'n kind wat deur die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid aanvaar was.

Sien Aanhegsel 2 ten opsigte van die aansoek prosedure soos voorsien onder seksie 28

Wat van bestaande omheinings?

Mense wat bestaande omheinings het moet by die Kommunale Grondraad aansoek doen vir toelating dat hulle dit kan behou. (Regulasie 7 gee meer inligting oor hoe om hierdie aansoek te doen.)

Watter mandaat het die Kommunale Grondraad ten opsigte van omheining?

1. Die Raad kan met die Hoofman/vrou ten opsigte van vrae rondom die omheining konsulteer indien oorweeg word om dit so te doen.
2. Die Raad moet die aansoek om die omheining te behou toestaan indien hulle daarmee tevrede is.
 - Die omheining was aangebring in terme van tradisionele Wet of enige ander Wetgewing.
 - Die omheining sal nie met die gebruik van die weigronde deur ander mense in die gemeenskap inbreuk maak nie, en
 - Daar is aanvaarbare redes waarom die aansoeker toegelaat kan word om die omheining te behou.
3. Die Raad kan sekere voorwaardes voorskryf wanneer dit toelating gee om die omheining te behou.

Seksie 29: Weidingsregte

Die wat maak voorsiening vir weidingsregte en die gebruik van weigronde.

Weigronde van 'n tradisionele gemeenskap is beskikbaar sodat die lewende hawe van die aanspreeklike bewoners daarop kan wei.

Onder watter omstandighede kan weidingsregte beperk word?

Die reg om weigrond te gebruik kan beperk word deur:

Die voorwaardes wat die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid voorskryf en insluitende voorwaardes in terme van:

1. Die tipe en getal lewende hawe wat op die weigronde mag wei. In terme van Regulasie 10, kan inwoners nie meer as 300 groot vee of meer as 1800 klein vee op die weigronde aanhou nie.
 - the kind and number of livestock that may graze on the commonage. In terms of Regulation 10, lawfull residents may not have more than 300 large livestock or more than 1800 small livestock grazing on the commonage at any time.
 - Die gebied of gebieds van die weigronde waar die vee kan wie asook die rotasie van weiding oor die verskillende weigronde.
2. Die reg van die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid of die Kommunale Grondraad om enige deel van die weigrond toe te staan.
3. Regulasie 10 verhoed dat 'n Wettige inwoner van die gemeenskap wat enige landbou grond besit of gehuur het dit moet gebruik vir weiding van die vee.
4. Die reg van die Minister om enige deel van die weigrond vir enige rede vir publieke belang te onttrek of te reserveer.

Onder watter omstandighede kan die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid die weidingsregte van 'n bewoner onttrek?

'n Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid kan die weidingsregte van 'n bewoner onttrek wanneer:

1. Hy/sy faal om die toestand wat tenopsigte van die gebruik van weigronde wat voorgeskryf, soos byvoorbeeld wanneer die bewoner meer as die voorgeskrewe diere op die weigrond het, te handhaaf.
2. Hy/sy het reg tot enige ander grondstuk, of dit kommunaal is of nie maar wat dieselfde grootte het of selfs groter as die bepaalde grootte waarvan in seksie 23 deur die Minister genoem word.
3. Hy/sy doen enige van die volgende verbode dinge, alvorens die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid geskrewe toestemming daarvoor gegee het en hierdie toestemming deur die Kommunale Grondraad aanvaar was:
 - Die aanbring of besetting van enige gebou op die weigrond.
 - Die ploeg of bewerking van enige porsie op die weigrond.
 - Bly of beset enige deel van die weigrond.
 - Belemmer die weg na enige waterpunt op die weigrond of met die gebruik van waterpunte inmeng of dit beskadig.
 - Enigiets anders doen wat reg tot weiding voorkom of belemmer.

Neem kennis:

Om enige van hierdie genoemde dade te oortree kan bestraf word tot N\$4 000 of tronkstraf wat nie meer as een jaar oorskry nie.

Kan 'n persoon wat nie 'n bewoner van 'n tradisionele gemeenskap is nie weidingsregte bekom?

Ja. Hulle kan aansoek vir weidingsregte na die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid doen. Indien goed gekeur sal die weidingsreg aan sekere voorwaardes geheg word:

Die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid kan ook die reg enige tyd onttrek as die wettige bewoners oor redes soos droogte of enige ander grondige redes, dit so verkies.

DEEL 2 – REG TOT HUUR

Seksie 30: Mandaat om reg tot huur toe te staan.

Kommunale Grondrade het die mandaat om regte tot huur van enige porsie van die kommunale grondstuk toe te staan maar hierdie reg kan alleen toe gestaan word as die Tradisionele Owerheid of die tradisionele gemeenskap waar die grondstuk geleë is toestemming daarvoor gee.

Wat gebeur as 'n Tradisionele Owerheid weier om toestemming daarvoor te gee?

As die Kommunale Grondraad glo dat die reg toe gestaan moes word, kan dit na 'n arbiter verwys word om 'n besluit te neem. 'n Arbiter is aangestel om die verskille tussen die Kommunale Grondraad en die tradisionele owerhede aan te hoor en te besluit watter party reg is. As die arbiter dink dat die Tradisionele Owerheid weens onaanvaarbare redes geweier het om toestemming te gee, het hy/sy die mandaat om die toestemming self toe te staan. (sien Regulasie 29 wat aandui dat vorm 16 ingevul moet word om 'n arbiter te vra om betrokke te raak.)

Hoe word 'n arbiter aangestel?

1. Die Minister moet 'n arbiter wat deur beide die Raad en die Tradisionele Owerheid aanvaar is, aanstel. Die arbiter sal besluit watter party korrek is.
2. Nadat hulle van die naam en kwalifikasies van die arbiter voorsien is, moet die Raad of die Tradisionele Owerheid binne 30 dae die Minister informeer wat hulle besluit het. As hulle twee keer aandui dat hulle gekant is teen die aanstelling kan die Minister self die aanstelling bekragtig sonder die besluit van die Raad of die Tradisionele Owerheid.

Regte tot huur van grond vir landbou doeleindes.

Dit lyk of die regte van huur situasies dek wat oor die algemeen buite die toestaan van kommunale grondregte plaasvind soos die toestaan van weidingsregte en 'n grondstuk waarop gewoon of geboer kan word. Hierdie interpretasie kan aspekte soos die toestaan van 'n PTO (reg om te okkupeer) vir 'n toeriste kamp dek of die toestaan van 'n PTO vir 'n suiker projek.

Die Wet trek 'n lyn tussen die regte van huur en die regte van huur vir landbou doeleindes. 'n Reg van huur vir landbou doeleindes kan toegestaan word alleenlik in terme van 'n grondstuk wat binne 'n aangewese gebied geleë is. 'n Aangewese gebied is 'n gebied wat deur die Minister in die Staatskoerant gespesifiseer is of die Kommunale Grondraad regte vir huur vir landbou doeleindes kan toestaan. Hierdie grondstuk word geïdentifiseer nadat konsultasies met die betrokke Tradisionele Owerheid en die Kommunale Grondraad gedoen was.

Maar die Wet maak voorsiening vir uitsonderings tot die reël dat regte van huur vir landbou doeleindes toe gestaan kan word alleenlik met betrekking tot gronde wat in aangewese gebieds geleë is. Wanneer 'n persoon wens om toestemming te verkry om 'n grondstuk vir landbou doeleindes te huur op gebiede wat

Wat gebeur wanneer die Tradisionele Owerheid weier om toestemming tot huur te gee?

As die Kommunale Grondraad dink dat toestemming nie gegee moes word nie, kan hulle dit na 'n arbiter verwys om 'n besluit te neem. As die arbiter nie tevrede is met die onredelike optrede van die Tradisionele Owerheid nie kan hy/sy self toestemming gee.

heeltemal of deels buite die aangewese gebied lê, moet hy/sy by die Minister aansoek doen op vorm 6. (Sien Regulasie 12). Nadat konsultasies met die Tradisionele Owerheid en die Kommunale Grondraad gedoen was, kan die Minister die aansoek goedkeur maar slegs wanneer die Minister tevrede is daarmee:

- Dat die toestaan van huur nie onredelik inmeng met of die gebruik van die weidingsregte van ander lede van die tradisionele gemeenskap, en
- Goeie redes gee waarom die aansoeker goedgekeur moet word.

Seksie 31: Aansoek vir regte van huur

Hoe doen jy aansoek vir 'n reg van huur in 'n kommunale gebied?

1. Verydeling van die doelwitte van 'n bewaringsbestuursplan.

Die aansoek moet aan die Kommunale Grondraad van die betrokke gebied waar die grond geleë is gedoen word.

Sien aanhegsel 3 vir die aansoek prosedures

2. Die aansoek moet op vorm 5 gedoen word. (Sien Regulasie 11 vir meer inligting)

3. 'n Reg tot huur mag nie toegestaan te word op 'n grondstuk waar iemand anders reeds gewoontereg op grond het nie. Maar die houer van die gewoontereg op grond kan ooreenstem om sy/haar reg ten opsigte van die volgende af te staan:

- Die betaling van 'n voorgenome vergoeding.
- Gepaste reëlins vir sy/haar hervestiging op 'n ander grondstuk.

4. Die Kommunale Grondraad kan 'n reg op huur toestaan na goeë dunde, mits die Tradisionele Owerheid toestemming daarvoor gee. Maar onder die volgende omstandighede moet die Minister geskrewe toestemming gee voordat die Raad die reg toestaan.

- Waar die grondstuk meer as die maksimum voorgeskrewe grootte vir spesifieke gebruik oorskry. Die maksimum grootte van die grondstuk is 50 hektaar soos voorgeskryf in Regulasie 13. Byvoorbeeld as die reg van huur vir 'n gemeenskapskampeerplek toegestaan is en die gebied is groter as 50 hektaar moet die Minister die aansoek in geskrewe vorm goedkeur voor die reg vir huur toe gestaan is.
- Waar die aansoeker reeds besit oor 'n ander grondstuk het.
- Waar die aansoeker reeds 'n bestaande reg het oor 'n kommunale grondstuk wat nie onder gewoontereg toegestaan is nie, byvoorbeeld 'n PTO mits erkenning van hierdie reg onder seksie 35 geweier is. (Sien bespreking onder seksie 35).

As deel van 'n beplanningsbestuur die bewaring 'n kampeer plek wat naby 'n baie mooi waterval geleë is. Om toestemming om te huur aan iemand te gee vir 'n grondstuk naby die waterval sal die doelwitte van die bestuursplan verydel word omdat die gemeenskap nie meer die voordele van die kampeerplek sal geniet nie. In so 'n val mag die Kommunale Grondraad nie die aansoek vir huur toestaan nie.

Wat gebeur wanneer die reg van huur betrekking het tot 'n grondstuk wat deel van 'n bewaringsgebied is?

In so 'n geval moet die Kommunale Grondraad enige beplanning wat die bewaringsgebiedekomitee het in aanmerking neem. As die grondstuk waarvoor aansoek gedoen word gebruik word op 'n manier waarop dit die doelwitte van die bestuur verydel moet die Raad nie die huurreg toestaan nie.

Seksie 32: Voorwaardes wat toepaslik is op die reg tot huur

Aan watter voorwaardes moet voldoen word om reg tot huur toe te staan?

1. 'n Bedrag moet aan die Kommunale Grondraad betaal word vir die huur en ook vir enige ander veranderinge wat op die grondstuk gemaak sal word. Hierdie bedrag word gewoonlik "huurgeld" genoem. Regulasie 14 gee 'n lys van faktore wat die Raad moet oorweeg wanneer op die bedrag vir huur besluit moet word.
2. As die bedrag nie onmiddellik betaal is nie, kan die aansoeker 'n versekering van waarborg dat hy/sy die bedrag met registrasie sal betaal, gee.
3. Die Raad kan toelaat dat die bedrag in paaielemente betaal word. In so 'n geval moet die aansoeker en die Raad ooreenkom hoeveel die paaielemente moet wees en hoe dit betaal sal word.

Hoe word die bedrag vir die huur van 'n grondstuk uitgewerk?

Die Minister moet voorskryf hoe die bedrag bepaal word.



Plaaslike owerheidsgebied binne die grense van kommunale grondgebiede soos Opuwo vorm nie deel van kommunale gronde nie. Foto deur NNFU.

Wat gebeur met die huurgelde?

Hierdie geld moet in die Fonds wat ten opsigte van die Wet vir streeksontwikkeling tot stand gebring is, betaal word.

Kan voorwaardes aan 'n reg tot huur geheg word?

Ja. 'n Reg van huur is verbonde aan spesifieke voorwaardes wat deur die Minister voorgeskryf is. Die Minister het die volgende voorwaardes onder Regulasie 15 spesifiseer:

1. Die grondstuk mag nie gebruik word vir:
 - 'n Doel anders as die een waarvoor die grondstuk toe gestaan is. Byvoorbeeld as die huur vir kampering toe gestaan is kan dit nie gebruik word om 'n fabriek te bou nie.
 - 'n Doel wat met die Wet op Drank, no. 6 van 1998 bots nie.
 - 'n Doel wat met Wette wat gebasseer is op die aanplanting van dwelmmiddels sal bots nie. Byvoorbeeld die huurder mag nie dagga (marijuana) op die gehuurde grondstuk plant of verkoop nie.
2. 'n Aanvaarbare reg tot toegang om die grondstuk of die geboue te ondersoek om sodoende toe te sien dat aan die voorwaardes voldoen is.
3. Die huurder is verantwoordelik om die bakens wat die grense van die grondstuk bepaal, te onderhou.
4. Die huurder mag nie sonder toestemming paaie of sypaadjies op die grondstuk toemaak nie.
5. Die huurder moet die besigheid waarvoor die huur toe gestaan is persoonlik bestuur, of 'n direkteur of lid van die besigheid of korporasie moet die besigheid bestuur waar die besigheid of korporasie self die huurders is.
6. Wanneer die Hoofman/vrou of die Tradisionele Owerheid of die Raad vra dat dit so gedoen moet word, moet die huurder geboue op die grondstuk teen branding verseker.



Waar 'n omheining aangebring word moet toestemming gekry word om dit te behou.

7. Die huurder mag nie veranderinge op geboue of eiendom wat aan die regering behoort sonder die toestemming van die Minister aanbring nie.
8. 'n Raad kan die manier waarop die grondstuk opgemeet moet word, uitstipuleer.

Kan 'n reg op huur gekanselleer word?

Ja. Die Raad kan so 'n reg weens verskillende redes wat in Regulasie 15 uiteen gesit is, kanselleer. Hulle is:

1. Waar die reg per ongeluk toe gestaan is.
2. Waar die reg deur middel van diefstal of verkeerdelike verteenwoordiging.
3. As die huurder nie:
 - Aan enige van die huur voorwaardes voldoen nie;
 - Twee opeenvolgende paaieimente van die huur per slag betaal waar met die Raad ooreengekom is om per paaieiment te betaal;
 - Die huurgeld binne 30 dae nadat 'n geskrewe kennisgewing daarvoor ontvang is, betaal nie.
4. As die grondstuk nie meer gebruik word vir die doel waarvoor dit gehuur is nie.
5. As die huurder skuldig bevind is aan ophitsing of verraad.

Onder sekere omstandighede kan die Minister ook 'n reg tot huur vir landbou doeleindes kanselleer waar die genoemde grondstuk buite die aangewese gebied geleë is.

Seksie 33: registrasie van regte op huur

Wat gebeur nadat aansoek vir huur toe gestaan is?

Die Raad moet:

- Seker maak dat die reg vir huur in die naam van die aansoeker op die voorgeskrewe register ingedien word.
- 'n Sertifikaat van huur aan die aansoeker op die vorm in deel A van vorm 7 (vir doeleindes anders as landbou doeleindes buite 'n aangewese gebied) of deel B van vorm 7 (landbou doeleindes in 'n aangewese gebied).
- As die grondstuk in aanspraak opgemeet is volgens die Wet op Grondafmeting, nr. 33 van 1993 en die duur van die huur is vir tien jaar of meer, moet die reg op huur geregistreer word onder die Registrasie van Aktes Wet, nr. 47 van 1937.

Seksie 34: Duur van reg op huur

Hoe lank duur 'n reg op huur?

- Die maksimum periode is 99 jaar maar die persoon wat aansoek gedoen en die reg gekry moet met die Raad op die periode besluit.
- Huur van langer as 10 jaar is nie geldig tensy die Minister dit goedkeur nie.

Kan ‘n reg op huur hernu word?

Ja. Die Raad en die huurder kan besluit dat dit hernu kan word. Maar waar die periode langer waarop besluit is langer as 10 jaar is moet die Minister die hernuwing goedkeur.

Seksie 35: Bestaande regte om ‘n kommunale grondstuk te beset

Hierdie seksie het te doen met regte tot bestaande kommunale grond in die tyd van inwerkingtreding wat nie deur die gewoonte reg erken word nie. ‘n Voorbeeld van hierdie sort reg is die PTO (toestemming om te okkupeer). Sien aanhegsel 4 vir die aansoek prosedures asook Regulasie 17 vir besonderhede van aansoek prosedures.

Hoe affekteer die nuwe Wet hierdie regte?


Huurders kan voortgaan om ‘n stuk grond te okkupeer onder dieselfde terme en voorwaardes voordat die Wet van toepassing gekom het tot dat:

- Die reg erken word en die reg op huur toe gestaan is.
- Die persoon se eis tot die grondstuk met die aansoek geweier is,
- Die persoon weier om die offer vir die huur aanvaar, of
- Die grondstuk aan die Staat terug gegee word.

Openbare kennisgewing moet deur die Minister in die Staatskoerant gepubliseer word en op enige ander effektiewe wyse.

Wat moet ‘n huurder doen om ‘n bestaande reg onder die Wet te verander?

‘n Persoon wat eis dat sy/haar ‘n bestaande grondreg het moet na die aangewese Kommunale Grondraad aansoek doen vir erkenning.



Swak kwaliteit lewende hawe is toe te skryf aan swak boerdery fasiliteite. (foto)

Die volgende stappe moet gevolg word wanneer aansoek om erkenning vir regte gedoen word:

1. Die aansoek moet op die voorgeskrewe vorm (Vorm 8) gedoen word. (Sien Regulasie 17 vir verdere besonderhede)
2. Dit moet aan die Kommunale Grondraad wat vir die bepaalde gebied waar die grondstuk geleë is, gedoen word.
3. Die aansoek moet binne 'n sekere tydperk gedoen word. Die Minister sal die datum aankondig waarop die huurders aansoek moet doen dat hulle regte erken moet, waarop die mense wat aansoek doen binne 3 jaar daarna moet aansoek doen. Die Minister kan hierdie periode verleng deur 'n publieke kennisgewing uit te reik.

Waarvoor kan die bestaande huurder aansoek doen?

Die huurder kan vir:

1. Erkenning van die reg.
2. Die toestaan van die huurreg
3. Waar 'n omheining aangebring kan word, die toestemming om 'n omheining te behou, indien die aansoeker dit so versoek.

Wat moet in die aansoek vir die erkenning van 'n reg onder hierdie Wet bevat?

1. Enige dokumentêre bewys ter ondersteuning van die eis, byvoorbeeld 'n brief van die Minister wat sê dat 'n persoon die reg op besetting het op 'n grondstuk wat 'n fontein het.
2. 'n Brief met die voorgeskrewe inligting van die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid van die spesifieke tradisionele gemeenskap waar die grondstuk geleë is.
3. Enige ander inligting of dokumente wat die Raad mag aanvra.

Wat is voorgeskrewe inligting?

'n Wet kan slegs uitstippel wat vereis word om sodoende die provisies ten volle te implementeer. Die inligting wat vereis word van die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid om aansoek om erkenning en registrasie te bepaal word in die Regulasies aangedui. Die Regulasies vereis die volgende inligting:

1. Die naam van die aansoeker
2. Die beraamde grootte van die grondstuk
3. Die betrokke kommunale gebied
4. Die streek
5. Die gebruik van die grondstuk.

Wat is die gevolge as die vereistes om aansoek vir erkenning van 'n eis en die toestaan van regte op huur binne die voorgeskrewe tyd nie nagekom word nie?

Daar is belangrike gevolge as 'n persoon versuim om binne 'n voorgeskrewe tydperk aansoek te doen vir erkenning van die reg.

1. Die persoon sal nie toegelaat word om aansoek vir erkenning te doen nie. In so ‘n geval sal aangeneem word dat die persoon die eis tot die grondstuk opgegee het.
2. Die betrokke grondstuk sal aan die Staat terug gegee word. As dit na die Staat terug gegee word, sal dit weer beskikbaar wees vir toekenning aan ‘n ander persoon.

Neem Kennis:

Die Wet bepaal dat ‘n persoon aan die Minister moet aansoek doen vir die verlenging van tyd waarin aansoek vir erkenning gedoen word, maar daar moet goeie redes gegee word waarom die aansoek laat ingedien is. Die Minister kan besluit om die verlenging toe te staan.

Watter magte het ‘n Kommunale Grondraad onder hierdie Wet om ‘n aansoek te oorweeg?

Die Kommunale Grondraad kan:

1. Met mense konsulteer
2. ‘n Verslag oorweeg wat deur die ondersoek komitee onder seksie 37 voorgelê word. (Sien seksie 37).
3. Die saak ondersoek om die feite vir die eis te kan bepaal. Dit kan die volgende inligting bevat:
 - Die datum waarop die aansoeker die reg toe gestaan is en die manier waarop hy/sy dit ontvang het.
 - Of iemand anders eise om die betrokke grondstuk te kry, ingedien het.
 - Of die grootte van die grondstuk aan die voorgeskrewe grootte vir die spesifieke gebruik voldoen.
 - Die posisie van die grense en bakens van die grondstuk.
 - Of die grondstuk omhein is, asook die besonderhede van die omheining.

Wat gebeur wanneer die Raad tevrede is met die geldigheid van die aansoeker se eis?

Die Raad moet in geskrewe vorm:

1. Die aanbod vir die huur van die grondstuk aanbied.
2. Die omstandighede van die voorgeskrewe reg staaf.
3. Die periode aandui waarin die offer aanvaar moet word, wat meer as 90 dae nadat die offer gemaak is, moet wees.
4. Die aansoeker inlig dat indien hy/sy die offer nie aanvaar nie of nalaat om dit binne die voorgeskrewe tyd te aanvaar, die huurreg tot die betrokke grondstuk sal verval.

Die aansoeker moet dan met die Raad ‘n huurkontrak aangaan soos in terme van Deel A van Vorm 9 (vir ‘n reg op huur) en Deel B (vir landbou doeleindes buite ‘n aangewysde gebied). Sien Regulasie 19 in hierdie verband.

Wat gebeur wanneer 'n persoon weier om die offer vir huur te aanvaar of nalaat om dit binne die sekere voorgeskrewe tydperk te aanvaar?

1. Die persoon verloor die eis tot die grondstuk
2. Die grondstuk word aan die Staat terug gegee.

Wat gebeur wanneer die Raad nie tevrede is met die geldigheid van die eis nie, of wanneer daar teenstrydige eise ten opsigte van die dieselfde grondstuk is?

Die Raad:

1. Moet 'n verhoor hou om die saak op te los. Regulasie 18 skryf voor hoe dit gehou moet word.
2. Kan 'n aanvaarbare besluit neem. Soos 'n besluit wat die volgende insluit:
 - Bevestig die eis
 - Bevestig die eis wat aan sekere wysigings verbonde is, byvoorbeeld soos die grootte en die grense van die eis.
 - Verwerp die eis. Die Raad is nie verplig om 'n eis te verwerp nie. Selfs wanneer hulle nie van die eis se geldigheid seker is nie, kan die Raad besluit om die aansoek vir die huur van dieselfde grondstuk (of deel daarvan) wat geëis word, toe te staan, of ten opsigte van 'n ander grondstuk.

Wat is die posisie van 'n aansoek om 'n bestaande omheining te behou wanneer 'n persoon 'n bestaande reg het om 'n gewoontereg grondstuk te beset?

Die Raad kan toestemming gee om die omheining te behou indien dit tevrede is met:

1. Die feit dat die omheining/s volgens die voorgeskrewe reëls opgerig was.
2. Die feit dat die omheining nie die vrye toegang van die tradisionele gemeenskap belemmer nie.
3. Die feit dat daar goeie redes bestaan om die omheining te behou.

Die Raad kan sekere voorwaardes toepas wanneer toestemming verleen word om die omheining te behou.

Onder watter omstandighede kan 'n reg om te huur gekanselleer word?

1. Die redes vir kansellering sal in die huur akte aangedui word. Hierdie is die kontrak tussen die aansoeker van die reg en die Raad.
2. Die Raad kan ook die huurreg kanselleer as die huurder nalaat om aan die voorwaardes te voldoen of nie met die beperkinge vir die gebruik van die grondstuk voldoen nie.
3. Sien ook die bespreking onder seksie 32 tans opsigte van Regulasie 15 wat addisionele redes uitstipuleer waarom huurregte gekanselleer kan word.

HOOFSTUK V

ALGEMENE VOORSIENINGS

Hierdie hoofstuk bevat algemene voorsienings om beter administrasie en implementering van die Wet te bewerkstellig.

Seksie 37: Voorafgaande ondersoeke van ‘n eis vir bestaande regte

Onder seksie 37 kan die Minister in konsultasie met die Minister ‘n ondersoek komitee aanstel wat ‘n voorafgaande ondersoek moet loods en verslag aan die Raad moet gee.

‘n Voorafgaande ondersoek kan ten opsigte van gewoonteregte op grond en ander regte om kommunale gronde wat gedurende die tyd wat die Wet in werking gekom het, bestaan het, ongeag die voorsienings in seksies 28 en 35.

So ‘n voorafgaande ondersoek kan op die versoek van die Raad gedoen word wanneer die Raad selfs nog voordat ‘n aansoek om die spesifieke grondstuk te okkupeer, te gebruik of andersins te gebruik deur ‘n persoon waarvan die grond met ‘n heining omring is. ‘n Onderzoek kan ook versoek word in geval waar geen aansoek nog gedoen is om die bestaande reg te erken nie.

‘n Voorafgaande ondersoek word gehou om die volgende omstandighede te bepaal:

- Die okkupasie, gebruik of beheer van die grond deur ‘n spesifieke persoon;
- Die bestaan van ‘n omheining om die grondstuk, en
- Enige ander aangeleentheid wat die Raad self kan ondersoek onder die seksies wat die Raad aangedui het.

Regulasies 20 tot 23 bevat meer besonderhede in verband met ondersoek-komitees en die hou van preliminêre ondersoeke.



Veranderinge op die grond soos die op “Ou Poppie se plaas” naby Omatako dorp, kan vergoed word omdat die regte aan iemand anders oorgegee was. Foto deur WIMSA.

Watter prosedures moet die ondersoek komitee volg met betrekking tot 'n voorafgaande ondersoek?

Die Wet sit die prosedures wat gevolg moet word, soos volg uit.

1. Kennisgewing aan die persoon by wie die ondersoek gedoen moet word.

- Die voorsitter van die ondersoek komitee moet op die minste 30 dae kennis aan die betrokke persoon wie se eis ondersoek word, oorhandig deur Vorm 10 te gebruik. Die kennisgewing moet die volgende inligting bevat:
- Die tyd en plek waar die ondersoek gedoen sal word.
- Kennis dat hy/sy die voorafgaande ondersoek moet bywoon ten opsigte van die genoemde sake, byvoorbeeld die okkupasie, gebruik of beheer van die grond, die bestaan van 'n omheining of enige ander saak wat die Raad kan vereis.
- Kennisgewing dat hy/sy enige boeke of dokumentasie aangaande die ondersoek na die verhoor moet bring.

Die voorsitter moet die kennisgewing teken en dit moet aan die persoon op 'n voorgeskrewe wyse oorhandig word. As die persoon nalaat om by die ondersoek op te daag moet die ondersoek komitee dat so rapporteer.

2. Dagvaardiging van getuies

Die voorsitter moet op Vorm 11 van die Regulasies die volgende persone dagvaar om by die voorafgaande ondersoek op te daag:

- Die Hoofman/vrou
- Enige tradisionele leier van die betrokke tradisionele gemeenskap, of
- Enige ander persoon wat inligting kan gee oor die aangeleentheid wat ondersoek word of wat 'n dokument of boek in sy/haar besit het wat betrekking het tot die inligting. Hierdie boek of dokument moet by die verhoor ingedien word.

Die voorsitter moet die dagvaardiging teken en dit moet aan die persoon volgens voorgeskrewe wyse oorhandig word. Die dagvaardiging moet die getuies van die tyd en plek waar die verhoor gaan plaasvind, verwittig.

Watter oortreding kan gedagvaarde getuies pleeg?

Getuies sal skuldig bevind word as hulle:

- *Nie voor die ondersoek komitee opdaag op die tyd en plek wat gespesifiseer is nie.*
- *Nie by die verhoor aanbly totdat die voorsitter hulle verskoon nie.*
- *Weier om 'n beëdigde verklaring af te lê.*
- *Nadat hulle die verklaring afgelê het,*
 - *Nalaat om antwoorde op bevredigende wyse te gee.*
 - *Na gelaat om 'n boek of dokument wat hulle na die verhoor moes bring.*
 - *Valse getuïenisse gee.*

Indien hulle aan enige oortreding skuldig bevind word, kan hulle N\$1 000 of tronkstraf van ten minste 3 maande toegedien word.

3. Prosedures van die verhoor.

By die verhoor word die volgende prosedures gevolg:

- Die komitee kan vrae aan die getuie onder eed stel.
- Die komitee kan enige boeke of dokumente neem wat die ondersoek sal help of in bewaring hou met die voorwaarde dat ‘n bewys aan die persoon gegee is en ‘n afskrif van die boek of die dokument aan die persoon oorhandig is.

4. Bevindinge van die ondersoek komitee

‘n Ondersoek komitee kan bevind dat dit beter vir die Raad sal wees om die eis vir die grondstuk te oorweeg (of dat die omheining op die grond behou kan word) so spoedig as moontlik.

Insien so, moet die ondersoek komitee die persoon beveel om sy/haar aansoek onder seksie 28(2) of 35(2) voor te berei en dit aan die voorsitter of die ondersoek komitee binne ‘n sekere tydperk te oorhandig. Die aansoek sal dan na die Raad verwys word.

Hierdie voorwaardes het van toepassing selfs wanneer die tyd soos in seksies 28(2) of 35(2) aangedui, verstreke is.

As die persoon nalaat om aan dit te voldoen, moet die komitee dit in hul verslag aanteken.

Wat gebeur wanneer ‘n persoon nie by die verhoor opdaag nie of nie die instruksies volg om sy/haar aansoek voor te berei en aan die voorsitter of ondersoek komitee te gee nie?

Nadat die verslag aan die Raad voorgelê is, kan die Raad Vorm 12 gebruik om:

- Die persoon van die verslag wat by die Raad ingedien is, te informeer.
- Die persoon beveel om binne ‘n sekere tydperk aan die vereistes te voldoen.
- Die persoon inlig dat indien hy/sy sonder ‘n aanvaarbare rede nagelaat het om aan die vereistes te voldoen, die Raad kan besluit dat hy/sy nie meer geregtig is op ‘n eis oor die genoemde grondstuk nie.

Wat is die gevolge om van ‘n eis ontnem te word?

‘n Persoon wat van ‘n eis ontnem is:

- *Is nie geregtig om aansoek te doen vir erkenning en registrasie van sy/haar eis nie volgens seksie 28(2) of 35(2).*
- *Kan nie meer enige eis tenopsigte van die genoemde grondstuk of enig iets wat op die grondstuk aangebring is, indien nie.*

Seksie 38: Oorplasing van regte

Hierdie seksie het te doen met die moontlikheid van oorplasing van gewoonteregte op grond of regte van huur aan ander persone. Wanneer die persoon wat die oorspronklike reg toegestaan was, die reg aan iemand anders wil oorhandig, moet hy/sy die volgende prosedures soos in Regulasie 24 uiteengesit, volg.

Wie moet toestemming gee wanneer 'n persoon 'n gewoontereg op grond of 'n reg tot huur wil oorhandig?

Vir die oorhandiging van die gewoontereg op grond, moet die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid 'n geskrewe toestemming gee. Vir die oorhandiging van reg op huur moet die Kommunale Grondraad 'n geskrewe toestemming gee.

Seksie 39: Die aantekeining van appél

Sommige mense kan ongelukkig wees met die besluit van die Hoofman/vrou, die Tradisionele Owerheid of die Kommunale Grondraad. Indien so kan hulle teen die besluit appelleer. Hierdie prosedure word in Regulasie 25 uiteengesit. Dit is belangrik om te weet dat 'n appél binne 30 dae van die besluit aangeteken moet word. 'n Bedrag van N\$25.00 moet betaal word om 'n appél aan te teken. Wanneer 'n persoon appelleer moet die Minister 'n appél tribunaal aanstel om die appél aan te hoor.

Die appél tribunaal kan uit een of meer persone bestaan wat deur die Minister aangestel word. As daar meer as een persoon is, sal die Minister die voorsitter aandui. Hierdie lede van die appél tribunaal moet toepaslike ondervinding hê om die appél aan te hoor.

As die appél tribunaal nie by die publieke dienste werksaam is nie, is voorsiening gemaak om so 'n lid vir sy/haar dienste te vergoed.

Al die lede van die appél tribunaal moet die verhoor bywoon om sodoende 'n kworum te verseker en 'n geldige besluit te neem. Besluite word deur die meerderheidstem geneem. Waar daar geen duidelike meerderheid is nie, het die voorsitter 'n addisionele stemreg tot die betrokke aangeleentheid. Dit word 'n beslissende stem genoem.

Wat is die mandaat van die beslissingsraad?

Die beslissingsraad kan:

- Die besluit bevestig
- Die besluit ter syde stel
- Die besluit toevoeg
- Enige besluit neem wat toepaslik sal wees.

Seksie 40: Vergoeding vir verbeteringe

Sommige mense bring verbeteringe aan op die grondstuk. Byvoorbeeld hulle kon 'n dam gebou het of 'n boorgat aangebring het. Hierdie seksie reguleer die aangeleentheid van verbeteringe op 'n grondstuk.

In die algemeen het geen persoon eise teen die Hoofman/vrou, die Tradisionele Owerheid, die Kommunale Grondrade of die Staat vir verbeteringe om grondstukke onder gewoonteregte op grond of regte tot huur nie.

- Geen persoon mag verbeteringe verwyder of beskadig wanneer hy/sy die grondstuk verlaat nie. Die Raad kan toestemming vir die verwydering van verbeteringe gee nadat met die Minister daarvoor gekonsulteer was.
- Die persoon wat die houer van die gewoontereg op grond is of die grondstuk huur wat met die doel om dit aan iemand te oorhandig kan met die ander party ooreenkom om vir die verbeteringe vergoed te word.
- Die Minister kan na konsultasie met die Raad besluit om die vergoeding uit betaal nadat die gewoontereg op grond verval het. Dit is nie van toepassing wanneer die twee partye self besluit het om die vergoeding te gee met die oordrag van die reg nie.
- Vergoeding vir noodsaaklike verbeteringe moet met die geld wat deur die Parlement daarvoor beskikbaar gestel is, betaal word.
- Wanneer die huur kontrak ten einde kom en aan iemand anders oorgegee is, kan die Raad van die laaste huurder verwag om onder sekere omstandighede 'n sekere bedrag vir die verbeteringe te betaal. Wanneer die Raad hierdie geld ontvang, moet 'n deel daarvan aan die vorige huurder betaal word vir die verbeteringe wat op die grondstuk aangebring is. As die twee partye voorheen ooreen gekom het dat betaling sal plaasvind vir die verbeterings, dan geld hierdie voorwaarde nie.
- Die bedrag vir vergoeding moet deur die Kommunale Grondraad en die betrokke houer besluit word. Dit moet dan aan die Minister oorbetal word. As daar geen ooreenkoms is nie, of die Minister het nie met die bedrag ooreengestem nie, moet die aangeleentheid na 'n arbiter verwys word.
- Waar vergoeding vir verbeterings van die Staatsinkomste Fonds betaal is, maak hierdie Wet voorsiening vir terug betaling aan hierdie Fonds in sekere omstandighede. Dit gebeur wanneer die Raad van die persoon aan wie die grondstuk gegee is, versoek word om vergoeding te betaal vir die verbeteringe wat aangebring is. As die Raad hierdie vergoeding ontvang het, moet 'n gelyke porsie van die bedrag wat oorspronklik aan die Staatsinkomste Fonds betaal was, terug aan die fonds betaal word. As die bedrag wat ontvang is, minder is as die vergoedingsbedrag, kan die Minister, met die toestemming van die Minister van Finansies, toestemming gee dat die bedrag wat terug betaal word, minder mag wees.

Seksie 41: Afmeting van kommunale grondstukke

Seksie 41 bepaal dat die Kommunale Grondraad die kommunale grondstukke moet opmeet en planne en diagramme op stel. Die afmeting van 'n grondstuk moet gedoen word volgens 'n voorgeskrewe uitleg plan wat tesame met die Tradisionele Owerheid voorberei is. Voorsiening word ook gemaak vir die wysiging van enkele gedeeltes van die grondstuk met voorwaarde dat dit betaal moet word.

Seksie 42: Geen vergoeding betaalbaar vir gewoonteregte op grond

Geen vergoeding in die vorm van geld of goedere mag deur 'n persoon geëis of ontvang word vir die toestaan van gewoonteregte op grond nie.

Hierdie seksie is nie van toepassing:

- Wanneer vergoeding vir verbeteringe wat ten opsigte van seksie 40 betaalbaar is nie.
- Wanneer enige fooie, betalings of ander gelde wat deur die Regulasies vir aansoeke vir gewoonteregte op gronde of vir huur voorgeskryf is of vir die uitmaak van enige sertifikaat of dokument in terme van die Wet nie.

Onder watter omstandighede is betalling toelaatbaar onder hierdie Wet?

- 1. Hoofman X sê aan Erastus dat hy hom sal toelaat om op sy grondstuk te woon as hy hom 5 koeie gee.*
- 2. Petrus wil sy huurreg aan Hendrina oordra. Petrus en Hendrina kom ooreen dat sy hom 'n bedrag van N\$25 000 sal betaal vir die twee oornag huisies wat Petrus op die grondstuk gebou het.*
- 3. Indien Anna vir erkenning en registrasie van haar bestaande grondreg wil aansoek doen, lig die Kommunale Grondraad haar in dat sy eers N\$50 vir die invul van die vorm moet betaal en N\$100 vir die uitmaak van die sertifikaat. (hierdie bedrae is net voorbeelde)*

Antwoorde

- 1. nie toelaatbaar. Dit is afpersing*
- 2. toelaatbaar. Seksie 40(2) laat toe vir die betalling van verbeteringe*
- 3. toelaatbaar. Seksie 42(2) laat toe dat bedrae betaal moet word wat voorgeskryf is vir aansoeke en die uitmaak van lisensies en dokumente.*

Seksie 43: Onwettige verblyf op kommunale grondstukke

Kommunale grondstukke kan alleenlik bewoon of gebruik word in terme van regte wat onder hierdie Wet toegestaan is. Dit sluit in bestaande gewoonteregte op grond (onder seksie 28) en ander bestaande regte om kommunale grondstukke te gebruik (onder seksie 35).

'n Persoon wat die kommunale grondstuk sonder toestemming bewoon, kan van die grond afgesit word. 'n Hoofman/vrou, Tradisionele Owerheid of Kommunale Grondraad kan wettige stappe neem om die persoon van die grond te verwyder.

Seksie 44: Omheinings

Die Wet verhoed dat nuwe omheinings aangebring word sonder die nodige toestemming. In terme van seksie 44 oortree 'n persoon as hy/sy 'n nuwe omheining aanbring of 'n omheining vir 30 dae aanhou nadat sy/haar aansoek vir toelating om dit te behou nie toegestaan is nie.

Watter nuwe oortredings met betrekking tot omheinings word in die Wet aangedui?

1. Om 'n nuwe omheining sonder die nodige toestemming onder die Wet aan te bring.

2. Die behoud van 'n omheining vir meer as 30 dae nadat die persoon se aansoek om 'n bestaande omheining te behou in terme van seksie 28(2)(b) of 35(2) geweier is.

Die Wet maak voorsiening vir strawwe, naamlik 'n bedrag van N\$4 000 of een jaar tronkstraf of beide. As die persoon steeds weier om die omheining af te haal sal so 'n persoon vir 'n verdere oortreding aangekla word wat strafbaar is met N\$50 per dag wat die omheining nog nie afgehaal is nie.

'n Aansoek vir toelating om 'n nuwe omheining aan te bring kan op Vorm 15 in terme van Regulasie 27 gemaak word. Geen toestemming vir die aanbring van 'n omheining is nodig as die houer van die gewoontereg op grond of huurreg omheinings vir diere krale, water bakke of mielie velde wil aanbring nie (Sien Regulasie 27(3)).

Watter mandaat het die Hoofman/vrou, die Tradisionele Owerheid of die Kommunale Grondraad as daar 'n omheining op kommunale grondstuk aangebring is wat nie met seksie 44 ooreenstem nie?

Die Hoofman/vrou, Tradisionele Owerheid of Kommunale Grondraad kan die volgende doen:

- Die omheining laat verwyder
- Die material wat vir die omheining gebruik was verwyder.

Alle kostes wat vir die verwydering van die omheining gemaak was, kan van die persoon wat die omheining teen die Wet aangebring het, geëis word.

Seksie 45: Regulasies

Onder seksie 45 kan die Minister regulasies ten opsigte van die aangeleentheid wat deur die Wet toegelaat word maak, wat die implementering van die Wet verseker. Regulasies was onder andere gemaak ten opsigte van prospektering en mynbou aktiwiteite op kommunale gronde (sien Regulasie 30), die voorkoming en verhoeding van grond erosie (sien Regulasie 31), beskerming van pastorale hulpbronne (sien Regulasie 32) en die beperking en kontrolering ten opsigte van weiding van kuddes. Regulasie 33 het te doen met paaie, waterweë, woude en die gebruik van water, hout, klei en klippe op kommunale gronde.

Seksie 46: Herroeping van Wette

Die volgende wette is nie meer geldig in Namibië nie:

- Die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, Wet nr. 18 van 1936
- Die Ontwikkelingstrust en Grond Wysigingswet, Wet nr 17 van 1939
- Die Ontwikkelingstrust en Grond Wysigingswet, Wet nr. 18 van 1954
- Die Suidwes Afrikaanse Naturelesake Administrasie Wet nr. 56 van 1954
- Die Ontwikkelingstrust en Grond Wysigingswet, Wet nr. 73 van 1956
- Die Ontwikkelingstrust en Grond Wysigingswet, Wet nr. 41 van 1958
- Die Ontwikkelingstrust en Grond Wysigingswet, Wet nr. 110 van 1976
- Die Administrasie van die Suid Afrikaanse Bantoe Trust in Suidwes Afrika Proklimasie, Proklimasie nr. AG 19 van 1978


Seksie 47: Verkorte titel en inwerkingtreding

Die Wet staan bekend as die Wet op Kommunale Grondhervorming, Wet nr. 5 van 2002. Dit het in werking getree op 1 Maart 2003 toe dit in die Staatskoerant geadverteer is.

AANHEGSELS

AANHEGSEL 1

Aansoek prosedures vir 'n gewoontereg op grond (sien seksie 22).




AANHEGSEL 2

Aansoek prosedure vir die erkenning en registrasie van bestaande gewoonteregte op grond (sien seksie 28).

Hierdie prosedure is van toepassing wanneer die aansoeker die houer van 'n bestaande gewoontereg op grond is gedurende die tyd wat die Wet in werking gekom het. Bestaande gewoonte grond regte dek die volgende:

- Die reg tot 'n grondeenheid vir boerdery doeleindes
- Die reg tot 'n grondeenheid om op te woon.
- Die reg of enige ander regte van gewoontereg van besit wat deur die Minister in die Staatskoerant erken sou wees.

Hierdie prosedure word ook gebruik om outoriteit te behou oor 'n bestaande omheining van 'n grondstuk wat onder die gewoontereg op grond val.




AANHEGSEL 3

Aansoek prosedure vir huurregte (sien seksie 31)

'n Aansoek vir die huur van grond moet aan die Kommunale Grondraad gerig word. Die Raad kan 'n aansoek goedkeur alleenlik met die toestemming van die Hoofman/vrou of Tradisionele Owerheid. 'n Reg tot huur vir landbou doeleindes kan gegee word alleenlik toegeken word met betrekking tot 'n aangewysde gebied, maar daar is uitsonderings wat ten opsigte van hierdie reël gemaak kan word.

Die Tradisionele Owerheid en die Kommunale Grondraad moet die aanstelling van die arbiter wat deur die Minister aangestel is, goedkeur.


Dit is nie duidelik of dieselfde prosedures gevolg moet word naamlik 'n aanbod en aanvaarding of verwerping van 'n huurreg aan 'n applikant, nadat 'n verhoor ten opsigte van 'n sekere aangeleentheid gehou was nie, as gevolg van twyfel wat bestaan ten opsigte van die geldigheid van die eis. As dieselfde prosedures gevolg sou word, sou die proses die kanale volg wat deur die gebroke lyne aangedui word.



AANHEGSEL 4

Aansoek prosedures vir die erkenning van bestaande regte om 'n kommunale grondstuk te okkupeer en vir die toestaan van huurregte (sien seksie 35).

Hierdie prosedure het te doen met regte (nie regte onder tradisionele reg nie) om 'n kommunale grondstuk te okkupeer wat gedurende die tyd wat die Wet in werking gekom het, bestaan het. 'n Aansoek moet binne drie jaar na die dag wat die Minister moet afkondig, gedoen word. Die aansoeker moet die volgende prosedures volg om 'n bestaande omheining wat op die spesifieke grondstuk aangebring was, te kan behou.



KONTAK NAME EN ADRESSE

Centre for Research Information Action in Africa-Southern Africa Development & Consulting (CRIA SA-DC)

Posbus 23778

Windhoek

Johan Albrecht Straat, Windhoek Wes

Tel: (+264 61) 229116 / 225998

Faks: (+264 61) 232293

E-pos: criaawhk@iafrica.com.na

Webwerf: www.criaasadc.org

Desert Research Foundation of Namibia (DRFN)

Posbus 20232

Windhoek

7 Rossinni Straat

Tel: (+264 61) 229855

Faks: (+264 61) 230172

E-Pos: drfn@drfn.org.na

Webwerf: www.drfn.org.na

Integrated Rural Development & Nature Conservation (IRDNC) - Caprivi

Privaat Sak 1050

Ngweze, Katima Mulilo

Tel: (+264 66) 252518

Faks: (+264 66) 252108

E-Pos: irdncc@iafrica.com.na

Integrated Rural Development & Nature Conservation (IRDNC) – Wêreldsend Kantoor

Posbus 24050

Windhoek

Wêreldsend Omgewingsentrum

Kunene Streek

Radio tel: (+264 67) 697055

Faks: (+264 67) 697054

E-Pos: irdncwe@mweb.com.na

Integrated Rural Development & Nature Conservation (IRDNC) – Windhoek Kantoor

Posbus 24050

Windhoek

2^{de} Vloer Kenya Huis

Robert Mugabe Rylaan

Tel: (+264 61) 228506/9

Faks: (+264 61) 228530

E-Pos: irdnc@iafrica.com.na

Legal Assistance Centre (LAC) – Ongwediva Kantoor

Privaat Sak X5534

Oshakati

Menseregte Sentrum

Ongwediva

Tel: (+264 65) 230178/ 230444

Faks: (+264 65) 230443

E-Pos: hrcosh@iway.na

Webwerf: www.lac.org.na

Legal Assistance Centre (LAC) – Windhoek Kantoor

Posbus 604
Windhoek
4 Körner Straat
Tel: (+264 61) 223356
Faks: (+264 61) 234953
E-Pos: info@lac.org.na
Webwerf: www.lac.org.na

Ministry of Agriculture, Water and Rural Development

Government Office Park
Privaat Sak 13184
Windhoek
Tel: (+264 61) 2087111
Faks: (+264 61) 229936

Ministry of Environment and Tourism

FGI building
Post Street Arcade
Privaat Sak 13346
Windhoek
Tel: (+264 61) 2842111
Faks: (+264 61) 229936

Ministry of Lands and Resettlement

Brandan Simbwaye Square
Block A
Privaat Sak 13343
Windhoek
Tel: (+264 61) 2852111
Faks: (+264 61) 228240/ 247107

Ministry of Regional and Local Government and Housing

Government Office Park
Cluster D1 Wes
Luther Street
Privaat Sak 13289
Windhoek
Tel: (+264 61) 297 5111
Faks: (+264 61) 226049

Multi-disciplinary Research and Consultancy Centre (MRCC)

University of Namibia
Privaat Sak 13301
Windhoek
Mandume Ndemufayo Avenue
Tel: (+264 61) 2063051/2
Faks: (+264 61) 2063030
E-Pos: amosimane@unam.na
Webwerf: www.unam.org

Namibia Association of CBNRM Support Organisations (NACSO)

Posbus 98353
Pelican Square
Windhoek Wes
Pasteur Straat
Tel: (+264 61) 230888/796
Faks: (+264 61) 230863
E-Pos: paskyer@nacso@iafrica.com.na

Namibia Community-Based Tourism Association (NACOBTA) – Ondangwa Kantoor

Posbus 2941
Ondangwa
Rossing Foundation Centre
Main Straat
Tel: (+264 65) 241327
Faks: (+264 65) 241458
E-Pos: nacobta@iway.na
Webwerf: www.nacobta.com.na

Namibia Community-Based Tourism Association (NACOBTA) – Windhoek Kantoor

Posbus 86099
Windhoek Wes
Weber Straat
Tel: (+264 61) 250558
Faks: (+264 61) 222647
E-Pos: nacobta@iway.na
Webwerf: www.nacobta.com.na

Namibia Development Trust – Oostelike Kantoor

Posbus
Okakarara
MET kantoor
Tel: (+264 67) 317132
Faks: (+264 67) 317134
E-Pos: ndtoka@iway.na

Namibia Development Trust – Noordelike Kantoor

Posbus 425
Oshakati
Menseregte Sentrum
Ongwediwa
Tel: (+264 65) 231622
Faks: (+264 65) 231692
E-Pos: ndtosh@iway.na

Namibia Development Trust – Suidelike Kantoor

Posbus 14
Keetmanshoop
Mittel Straat
Tel: (+264 63) 223572
Faks: (+264 63) 224211
E-Pos: ndtsouth@iway.na

Namibia Development Trust – Windhoek Kantoor

Posbus 8226
Windhoek
57 Pasteur Straat
Tel: (+264 61) 238002/3
Faks: (+264 61) 233261
E-Pos: ndtwhk@iway.na

Namibia National Farmers' Union (NNFU)

Posbus 3117
Windhoek
Axali Doeseb Straat
Tel: (+264 61) 271117
Faks: (+264 61) 271155
E-Pos: nnfu@mweb.com.na

Namibia Nature Foundation

Posbus 245
Windhoek
4de Vloer Kenya Huis
Robert Mugabe Rylaan
Tel: (+264 61) 248345
Faks: (+264 61) 238344
E-Pos: info@nnf.org.na
Webwerf: www.nnf.org.na

Namibia Non-Governmental Organisation (NANGOF)

Posbus 70433
Khomasdal/ Windhoek
196 Ceasar Straat
Wanaheda, Katutura
Tel: (+264 61) 239469
Faks: (+264 61) 239471
E-Pos: nangof@iafrica.com.na

Namibia Rural Development Project (NRDP)

Posbus 24886
Windhoek
2716 Abraham Mashego Straat
Oponganda Gemeenskapsentrum
Wanaheda

Nyae-Nyae Development Foundation of Namibia (NNDFN)

Posbus 9026
Windhoek Wes
9 Delius Straat
Tel: (+264 61) 236327
Faks: (+264 61) 225997
E-Pos: nndfn@iafrica.com.na

Omaheke San Trust

Posbus 1017
Gobabis
32 Rossevelt Straat
Tel: (+264 62) 564073
Faks: (+264 62) 564073
E-Pos: ost@iafrica.com.na

Rossing Foundation (RF)

Privaat Sak 13214
Windhoek
Rand Straat
Tel: (+264 61) 211721
Faks: (+264 61) 211273
E-Pos: lleroux@rf.org.na
Webwerf: www@rf.ogr.na

Rural Institute for Social Empowerment in Namibia (RISE-Namibia)

Posbus 50115
Bachbrecht, Windhoek
Axali Doeseb Straat
Tel: (+264 61) 236029
Faks: (+264 61) 232597
E-Pos: rise-ww@iafrica.com.na

Women Action for Development (WAD)

Posbus 370
Windhoek
25 Schönlein Straat
Tel: (+264 61) 227630
Faks: (+264 61) 236372
E-Pos: wad@mweb.com.na

Working Group for Indigenous Minorities in Southern Africa (WIMSA)

Posbus 80733
Windhoek
8 Bach Straat
Tel: (+264 61) 244909
Faks: (+264 61) 272806
E-Pos: wimsareg@iafrica.com.na

World Wildlife Fund – Living in a Finite Environment (WWF-LIFE)

Posbus 9681
Windhoek, Eros
5de vloer, Kenya House
Robert Mugabe Laan
Tel: (+264 61) 239945
Faks: (+264 61) 239799
E-Pos: cweaver@iafrica.com.na

Streeksunies

Southern Namibia Farmers' Union

Tel: (+264 63) 224243

Faks: (+264 63) 225251

Kavango Regional Farmers' Union

Posbus 449

Rundu

Tel: (+264 66) 255104

Likwama Farmers Cooperative Union

Posbus 179

Katima Mulilo

Tel: (+264 66) 253561

Faks: (+264 66) 253561

Omaheke Regional Farmers' Union

Posbus 1595

Gobabis

Tel: (+264 62) 565181

Welwitchia Regional Farmers' Union

Posbus 25

Khorixas

Tel: (+264 65) 331350

Otjozondjupa Regional Farmers' Union

Posbus 133

Okakarara

Tel: (+264 67) 317786

Faks: (+264 67) 317008

Erongo Regional Farmers' Union

Posbus 174

Omaruru

Tel: (+264 64) 570172

Faks: (+264 64) 571043

Mandume Farmers' Union

Posbus 5

Ohangwena

Tel: (+264 65) 262491

Faks: (+264 65) 264401

Ongushu Farmers' Union

Posbus 684

Oshakati

Tel: (+264 65) 240689

Faks: (+264 65) 246502

Uukumwe Farmers' Union

Posbus 2797

Ondangwa

Tel: 0812433821

Faks: (+264 65) 240566

Omusati Farmers' Cooperative

Posbus 1053

Oshakati

Tel: (+264 65) 256517

Faks: (+264 65) 256502

Ngatuuane Regional Farmers' Union

Posbus 179

Opuwo

Tel: (+264 65) 273487

Faks: (+264 65) 273139

Legal Assistance Centre

Ondando

O Legal Assistance Centre Onganda yo zo hahende ndji yandja ombango ya peke ko usemba wo vandu, no ku vatera ovandu ovahepauke poo ovandu mbe hayenene okurivatera oveni, momuano wo veta, oyo i honga, no kukondonona, no kukuramena po, no kujandja o hauzeu ko usemba no vingenge mbi tomba ousemba wovandu mo Namibia.

Legal Assistance Centre
P. O. Box 604
Windhoek
Namibia
Telephone: 061-223356
Fax: 061-234953
E-mail: info@lac.org.na

Land, Environment and Development Project
Legal Assistance Centre

Windhoek
May 2006



LAC